# STROOM-OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

TWEEDE TERMYN 1987


# EREKLEUREDAG — SO WORD DIE AFFIES BEKROON

**Donderdag, 2 April, het net een ding vir Affies beteken: erekleuredag, dié dag waarop elke Affie wat hard gewerk het deur die jaar, bekroon word.**

Voorbereidings het reeds weke voor die tyd begin. Alles is tot in die fynste besonderhede beplan — van die bosse pienk-en-wit kosmos op die verhoog tot by die keurig voorbereide versnaperings na die tyd. Almal het dus met groot opgewondenheid die dag ingewag.

Die gaste het in hul blink motors begin arriveer, terwyl die dogters soos 'n see van blou rokkies gelyk het waar hulle aangetree het. Mejuffrou Venter het dadelik die mikrofoon aan dr Paul de Bruin oorhandig, wat die geleentheid op 'n treffende wyse geopen het. Hy het uit Esther gelees en die Affies met dié boodskap in ons harte gelaat: benut jou geleenthede en dan sal jy presteer.

Hierna het mejuffrou Venter al die eregaste aan die leerlinge voorgestel. Sy het gesê dat daar twee hoogtepunte in die jaar is wat die kroon span op ons akademiese jaar: Erekleuredag en Kerkafsluiting. Die eregaste is hartlik welkom geheet op die Affiemanier. Hulle was meneer en mevrou Villiers Terblanche (hy was ook die spreker van die dag), meneer en mevrou Steyn, meneer van Rooyen, juffrou E C Steyn en professor en mevrou Schuemann van die bestuursraad. Dit was ook 'n blye weersiens vir die dogers om van hul oud-onderwyseresse te sien, waaronder mevrou Pienaar, mejuffrou Hönck en mevrou Louw. Ook juffrou Muller, 'n kollega van wyle juffrou Wagner, en mevrou Squier van die OOV is hartlik verwelkom. Laaste, maar nie die minste nie, is welkom gesê aan al die bekroondes saam met hulle ouers.

Meneer Terblanche het 'n baie mooi boodskap aan die dogters gelewer. Hy het gesê 'n wenner is iemand wat sy potensiaal ten volle benut. Hy het ook vandag se vrou beskryf: sy is nie meer slegs tuisteskepper nie, maar ook argitek, dokter, ingenieur en onderwyseres. Hy het die hoop uitgespreek dat die Affies so sal leef, lei en volg, dat almal sal sê: "Ek sien haar wen".

'n Pragtige koor-ensemble het soos gewoonlik luister aan die geleentheid verleen.

Teen die tyd dat die oorhandigings gedoen moes word, was die Affies al redelik kriewelrig. Na 'n paar vinnige "skuiwe" was die Kaap egter weer Hollands. Menige ouer se hart het warm geklop wanneer Sussie vorentoe gestap het om haar prys te gaan ontvang. 'n Hele rits dogters kon nie daar wees om hul pryse te ontvang nie en met verbasing, en miskien 'n tikkie jaloesie, moes die Affies aanhoor hoe party van hulle oorsee kuier!



Daar is heelwat goue- en silwermedaljes aan die Matrieks van 1986 oorhandig. Vyf matrikulante, naamlik Adrie Senekal, Monika Hänsel, Tina Mössmer, Alita Krüger, Liesel Geertsema, en Elsie — Ida Grobbelaar het goue medaljes vir akademiese prestasies ontvang. Adrie en Monika het elk vyf onderskeidings aan die einde van 1986 behaal. Tina Mössmer, Alita Krüger en Liesel Geertsema het elk ses onderskeidings behaal. Celeste Geertsema en Elsie-Ida Grobbelaar het elk sewe onderskeidings behaal. Ronel Swart en Gené Visagie het elk vier onderskeidings behaal en hulle het silwer medaljes ontvang. Die Affies is voorwaar trots op hulle.

Laaste op die program was die orkes. Almal kon duidelik hoor dat daar iewers verborge talente weggesteek is en die orkes-uitvoering is terdeë geniet. Almal voel egter dat te min van die orkes gehoor word.

Nadat al die bedankings gedoen is, was daar geen keer aan al die Affies nie, want 'n lang vakansie was op hande. Nog 'n geslaagde Erekleuredag was verby, maar dit sal weer eens nog lank in Affies se herinneringe bly vassteek.

**Laura Nothnagel**

# Tennis

**Tot dusver het die O/15 eerste span, A-liga, derde span, B-liga en vyfde span C-liga nog geen wedstryd verloor nie. Die eerste O/15-tennisspan neem deel as die B-span vir Affies in die Hyperama Landswye Skole Tennistoernooi en het reeds met Pretoria-Noord en C R Swart se senior eerste spanne afgereken.**

Die eerste seniorspan wen die A-liga in Noord-Transvaal en wag nou om vir die Administrateursbeker uit te speel.


Die Noord-Transvaal Skole Tennisspan wat in die Suid-Afrikaanse Tenniskampioenskappe tussen 13-18 Julie in Bloemfontein gaan speel, sluit in: Emile Fourie as no. 1 gekeurde, Johan de Beer no. 6. Die volgende leerlinge moet nog uitspeel vir die sewende plek: Heinrich Dannhauser, Michael de Jongh en Rinus Bester.

Mnr Francois van As is ook as spanbestuurder van dié span gekies.

**Die Interklub Muurbalkampioenskappe het Vrydagaand, 26 Junie 1987, ten einde geloop. Daar het 65 spelers deelgeneem.**

**Die onder 16 kampioen is Omri van Zyl.**

**Die onder 19 kampioen is Bennie du Toit.**



# A H M P-KOOR 1987

**Ten spyte van nuwe verpligtinge, naamlik die versorging van die "nuwe aanhangertjie van die koor", slaag ons koorleidster, mev Elmi Krüger, steeds daarin om die koor tot (die noual gebruiklike) hoë hoogtes te lei. Aangesien die Applouskompetisie vir hoërskole slegs elke twee jaar gehou word, neem die koor hierdie jaar slegs aan die kompetisie vir die Administrateursbeker vir kore deel. Hulle was reeds op 16 Junie die wenners van die afdeling vir eenslagtige kore in die Pretoriastreek van hierdie kompetisie. Die finale rondte sal op Saterdag, 4 Julie, in die Linderouditorium by J C E plaasvind. In die afdeling waarin ons skool deelneem, sal hulle waarskynlik teen vyf ander skole (waarvan drie seunskore is) te staan kom. Die koor beplan ook heelwat kerkoptredes vir die laaste gedeelte van die jaar.**

**AAN DIE KOOR: VOORSPOED EN SUKSES!!**

## Bestuursraad AHS

Namens die Bestuursraad en ook julle ouers wil ons julle van harte gelukwens met al die puik prestasies op die gebied van die kultuur en sport.

Ons neem met verbasing kennis van die groot verskeidenheid nie-akademiese bedrywighede wat plaasvind en hoe elkeen se talente 'n plekkie in die Affieson vind.

Volgens die Griekse mitologie het Janus twee gesigte gehad en hy kon agtertoe en vorentoe kyk. Só is die Affies, trots op hulle verlede en tradisie met 'n entoesiastiese blik op die toekoms.

Hou so aan, ons is trots om julle ouers te wees en trots op ons skool.

**Prof Hannes Pretorius**
**Voorsitter: Bestuursraad**

# AFFIES vs BOYS HIGH SEDERT 1923

**Die saalopening op Vrydag, 19 Junie, was die voorloop tot Saterdag se kragmeting tussen Affies en die Galle. Van die 1966-matrieks het besluit om die tradisionele kragmeting tussen AHS en PBHS wat sedert 1923 jaarliks plaasvind, met die 66-wisseltrofee te beloon. Die hoofseun, mnr Pieter van der Merwe, mnre Leon Haese, Janus Roux, Div de Villiers en Chris van Zyl het die trofee aan mnr T L P Kruger, die hoof, oorhandig.**

Die nostalgie van die tradisionele Affie-handeklap het mnr Van der Merwe laat onthou van die besoeker wat destyds gebelgd gevoel het oor die seuns wat hom glo ge-"slow clap" het.

Mnr Pierre Edwards, eerste span afrigter, wys op die feit dat daar twintig spanne op die veld sal uitdraf, dus 300 leerlinge en hy doen 'n beroep op die ander 500 om hul steun langs die velde te gee.

Rommel, alias Heinrich Schulz, het van die belangrikste karaktereienskappe van die Wit Bulle op 'n treffende wyse uitgelig sodat almal sal weet wie is wie en wie vir Affies sal uitdraf. Die kaptein, Papenfus, is iemand met breinselle in die papiestadium, Adelaar, senter, met poeier onder sy arms en Lip Ice op sy knieë, Gouws, losskakel, McGyver wat nie net sy truuks op die rugbyveld moet gebruik maar óók om sy Latynpunt na 'n dubbel syfer op te skuif en dan ook die Plastic-afrigter.

Saterdagoggend vroeg brand die vure, kook die ketels en in die gesellige kermisatmosfeer word daar op die veld uitgedraf. Twintig spanne meet kragte waarvan Affies 12 wen, Boys High 7 en een span gelykop speel.

Die hoogtepunt van die dag was egter die eerste span wedstryd waar die Wit Bulle hulle ondersteuners goed laat naels kou het. Voor die skare van om en by 5 000 het dié twee spanne deeglik kragte gemeet. Uit die staanspoor het die spanne opdraand gehad en die spanning het opgelaai. Die Wit Bulle wen met 'n naelskraapoorwinning van 13-10. Dit is dan ook Affies wat die gesogte 66-trofee vir die eerste keer verower.

In 'n vrolike stemming is verder kermis gehou en honderde oud-Affies kan dan ook ná rugby en mini-kermis byeen om van weleer te onthou. Fees is gevier, net soos Affies kan vier!



*Mnr Chris van Zyl oorhandig die trofee aan Chris Papenfus, kaptein.*

# Debat, debatteer, debatteerder?

**Is die blanke tienderjarige van Suid-Afrika voldoende politieskundig of nie? Dit was die groot vraag wat twintig debatteerders op Saterdag 2 Mei in UP se ingenieurstoringblok bymekaar gebring het.**


Die Afrikaanse Hoër Meisieskool se twee spanne was ook daar. Vier baie senuweeagtige dogters met blink skoene en keppies op die koppe het met aandag na mejuffrou van Wyk se laaste vermanings, opdragte en raad geluister. 'n Maande se harde voorbereiding moes nou die toets deurstaan.

Sally Myburg en Mari van Wyk het in die vierde debat die gehoor oortuig dat tieners wel genoeg van politiek weet en so hulle opponente onder die stof geloop. Helena Barnard en Ellen Nicol het die laaste debat teen Menlopark gevoer. Meisieshoër se span het hier beweer dat die jeug nie voldoende polities kundig is nie.

Ná afloop van al vyf debatte, het die beoordelaars algemene foute uitgewys. Vier meisies se oë het al groter gerek, want dit het gevoel asof hulle elke fout na hulle persoonlike optrede kon herlei. Die oomblik waarvoor almal 'n hele twee maande gewag het, was daar en groot was die vreugde toe Helena en Ellen as wenspan van die eerste uitdunrondte in die Junior Rapportryers se debatskompetisie aangewys is. Trane van vreugde het letterlik gevloei, want al die harde werk was nie verniet nie. Die span dring deur na die half-eindrondte op 11 Junie.

Ander skole wat aan die uitdunrondte deelgeneem het, is Die Afrikaanse Hoër Seunskool, Menlopark, Langenhoven, Erasmus en Boy's High. Die beoordelaars het dit telkens beklemtoon dat al die debatte van uitstaande gehalte was en dat die twintig deelnemers almal die potensiaal besit om uitstekende redenaars te word.

· **Ellen Nicol**



*Helena Barnard en Ellen Nicol, Affies se baasredenaars.*

# SKAAKKLUB

**Gedurende die Aprilvakansie het die klub 'n suksesvolle toer onderneem en teen skole soos Diamantveld (Kimberley), Kimberley Boys' High, Hoërskool Jim Fouché, Hoërskool Sentraal (Bloemfontein) en Welkom High met goeie gevolg deelgeneem. Dertien spelers en mnr P le Roux en mev Saayman het die toer meegemaak.**

Die klub het ook hierdie jaar hul eie koerant "Die Ruiter" die lig laat sien. Dié blaadjie verskyn elke termyn en bevat interessante inligting omtrent die afgelope en komende gebeure. In elke uitgawe is daar ook 'n prys te wen deur 'n skaakprobleem op te los.

Die klub het nou ook sy eie "snoepie" en gedurende oefeninge, toernooie en wedstryde word daar gereeld snoeperye verkoop.

Tans word die ligawedstryde afgehandel. Die A-span wat uit die B-liga opgeskuif het, kou maar harde bene, maar hou moed!, die B-span gaan redelik goed aan en die C-span steun tans 'n redelike goeie kans om hul liga te wen, aangesien hulle nog al hul wedstryde, (behalwe een wat hul gelykop gespeel het) gewen het.

Gedurende die vakansie word die Lubovski-toernooi aangebied waaruit die N-Tvl-hoërskolespan gekies word. Volgende termyn is dit weer tyd vir ons kampioenskappe.



*Die skaakspelers in aksie.*

# Die Aktualiteitsvereniging

**Ons primêre doel is om die lede in te lig aangaande aktuele sake soos: dwelmmisbruik, evolusie, politieke stelsels en ons landsekonomie.**

Die Vereniging bestaan uit tagtig lede onder leiding van mej E Botha. Mev A Diedericks het 'n groot aandeel gehad in die ontstaan van hierdie Vereniging.

Hul vergader een maal in 'n maand en dan kry hul ook 'n spreker om te praat oor een van die verkose onderwerpe. (Die spreker is eintlik die hoofdis op die vergaderingsspyskaarte).

Daar was nog elke keer 'n puik spreker wat, omdat hulle spesialiste oor hul onderwerpe is, puik toesprake gelewer het. Partymaal word twee sprekers genooi, een praat daaroor en die ander daarteen. Dr Hitzeroth ('n genetikus) en ds König het byvoorbeeld oor evolusie kom praat. Dr D van As en prof J Gillomee praat weer oor kernkrag. Ds Du Toit het oor Okkultisme (verskillende gelowe en die bo-natuurlike) gepraat.

Hierdie Vereniging behaal sukses omdat hulle die behoeftes van die leerling met hul primêre doel kan bevredig. Die hoop op 'n blink toekoms vorentoe word uitgespreek.

# LEWENDE BIOLOGIE-KLUB

**Sprekers, plante, skoolplaas, slange, visse en selfs kadawers is vele van die interessanthede te sien by die Biologieklub se uitstappies.**

Hierdie unieke klub het aan die begin van die jaar onder 'n nuwe bestuur 'n baie opwindende program opgestel. Daar is byvoorbeeld 'n baie interessante uitstappie na die Grasnavorsingsinstituut onderneem. Hier het verskeie entimoloë in teoretiese sowel as praktiese lesing gegee. Hul apparaat is tot die Affies se beskikking gestel en hulle kan alles self prakties toepas.

Vir die derde termyn beplan die Klub ook verskeie uitstappies en onder andere sprekers oor generiese afwykings, die uitlê van die skooltuin ten opsigte van ekologie en vele meer. Verder beplan die Klub 'n besoek aan die Silkaatsnek-natuurreservaat, die Hartbeespoortdamse akwarium en krokodilplaas en 'n praktiese lesing deur mnr Jack Seale, 'n bekende slangkundige. 'n Hoogtepunt van die jaarprogram blyk die uitstappie na die anatomiemuseum by die H F Verwoerdhospitaal te wees.

Die Klub gaan die jaar afsluit met 'n besoek aan die Skoolplaas en 'n nagtoer na die Pretoriase Dieretuin.

Hiermee ook 'n uitnodiging aan almal wat Biologie neem.

Kom gooi jou gewig in by hierdie klub!

# DIE JUNIOR STADSRAAD LEWER GEMEENSKAPSDIENS

Wat gaan aan by die Junior Stadsraad?

Niks? Amper niks? Heeltemal niks?

Nee julle is almal verkeerd!

Behalwe vir die Affie-ouens van wie sommiges se lidmaatskap net sover as die verversings strek, doen die Affie-meisies darem hulle deel. Hmm . . .


Maar, waarvoor staan die Junior Stadsraad regtig? Dit is 'n verteenwoordigende liggaam van die jeug van Pretoria. Deur middel van verskeie projekte wat aangepak word, word geld ingesamel vir verskillende liefdadigheidsorganisasies.

Die Junior Stadsraad het ook verskeie sosiale voordele. Die lede gaan saam fliek (goedkoop), teater toe (verniet), uiteet teen 'n redelike prys en leer so die jeug van Pretoria ken.

Dit is regtig die moeite werd. Die Stadsraad bestaan uit 'n aantal komitees, soos die kultuurkomitees, sport- en ontspanningkomitee, jeug, ens. Die lede van die Afrikaanse Hoër Meisieskool behoort aan die kultuurkomitee of sommer die "Culture Club". Die afgelope 3 jaar is daar al modeparades gehou, standbeelde gewas, teateropvoerings en flieks bygewoon en allerhande ander kulturele dinge gedoen.

Die meisies het geld ingesamel vir die Blinde Rolbalspelers, kreupelsorg, weeshuise en ouetehuise en dit was alles groot pret. Verlede jaar het die hele Junior Stadsraad 'n straatkollekte vir kindersorg in die stad gehou, asook 'n reuse Jeugdag by Loftus Versveld. Die lede van die Junior Stadsraad word ook gereeld deur die Weermag uitgenooi vir interessante toere na byvoorbeeld Waterkloof lugmagbasis en Voortrekkerhoogte (Plus verversings). Dan was daar die Jeugbal, wat deur die Jeugkomitee gereël is en seker een van dié spoggeleenthede van die jaar was.

Ons het nou die einde van ons termyn as lede van die Junior Stadsraad bereik en ons kan terugkyk op 2 jaar waarin ons baie interessante mense ontmoet het, baie pret gehad het en tog ons deel gedoen het vir die gemeenskap. Ons heet die nuwe st 8-lede, Liezel Pieters en Liezl Squier, baie welkom (hulle het hulself al deeglik tuisgemaak) en hoop dat hulle die nuwe tydperk baie sal geniet.



*Liezl Squire en Lizel Pieters, die twee nuwe Junior Stadsraadslede.*

# DIE AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL HET 'N OP-EN-TOP KLASSIEKE KLUB

Wat op dees aarde is 'n "Bring-'n-blik-vrugtefees"? Die skool was in rep-en-roer oor die Fees waarheen almal Vrydag, 22 Mei genooi is. Jou toegangskaartjie was 'n blik vrugte. Almal het gewonder wat dit gaan behels. Gaan almal ewe bedees daar sit en na klassieke musiek luister? Dit klink glad nie belowend nie. Groot was die verbasing, toe hulle Vrydag pouse in mej Visser se klas opgedaag het. Daar het 'n vrolike stemminge geheers en elke honger Affie het met oorgawe weggeval aan die vrugte en roomys.



*Affies se klassieke klub hou fees: V.l.n.r.: Sonja, Elsa Maree, Heidie, Reinette en Elsie.*

Die klassieke klub is baie aktief en daar word ten minste een keer 'n termyn 'n groot funksie gehou. In die eerste termyn is daar na 'n Astrix-video gekyk en 'n Romeinse blokkiesraaiselwedstryd is geloods, waarin Annelie Viljoen as wenner uit die stryd getree het. Die eerste prys was pragtige silwer juwele. Die tweede termyn word 'n Romeinse begrafnis beplan en wat dit gaan behels, kan maar net geraai word.

Elke standerd kry 'n geleentheid om iets te reël en volgende termyn is dit dan die standerd neges se beurt om die Romeinse ete te hou wat al 'n tradisie is in Affieland.

Hoera vir mej Visser en die bestuur van die klassieke klub wat altyd met iets nuuts vorendag kom.

**Brenda Maree**

# "IN SY DIENS"

**"Maar aan almal wat hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het hy die reg gegee om kinders van God te word."**

Ja, hierdie woorde van Joh 1:12 het hierdie winterstermyn weer vir die ACSV-gangers waar geword. Om onder die diepe besef van kind van God te staan, was, is en sal altyd wonderlik wees. Daardie blink in die oog, die vaste tred en vaste beginsels is en kan net deel wees van 'n Jesuskind.

Hierdie termyn was daar lekker gesels rondom hierdie onderwerp en o-ja ook gesing. Besoekers was daar volop — Ds Heyns was weer daar met klanktoerusting. 'n Sekere hoogtepunt van die jaar en in besonder die termyn, was die besoek van die Dawid-sanggroep van die Weermag, wat hulle Heer, maar ook ons Heer, verheerlik het op 'n baie moderne, maar tog pragtige manier.

Ons ledetal by die ACSV net gewissel van om en by 80 tot 300 lede.

'n Goort woord van dank aan mnr C Vermeulen en al die besoekers vir 'n wonderlike termyn, maar bo alles aan Hom die dank vir 'n termyn in Sy diens!

"Jy is volgende keer baie welkom."

**Jan-Albert Van den Berg**

# SAND


**"Sand! Sand! . . . altyd net sand!" Dit is hoe die toneelstuk begin wat die toneelgroep hierdie jaar onder die bekwame regie van mnr P van Rensburg en mev A Pienaar opgevoer het in die ATKV-toneelkompetisie.**

Daar is besluit om 'n toneelstuk te kies met baie sterk karakters en ook een wat die seuns werklik sou geniet. "Sand" van P de Villiers en G Prinsloo is toe opgevoer. Die seuns het nie eintlik veel tyd gehad om voor te berei nie en daar is toe op Maandag-, Dinsdag- en Donderdagaande geoefen.

'n Baie eenvoudige dekor wat slegs uit 'n swart doolhof en sand bestaan, is gebruik. Dit het gehelp om die stillistiese effek te verkry asook die kontras tussen lewe en dood wat dwarsdeur die stuk bestaan.

Die stuk handel oor vier mense Bastian, Floris, en Chris en Henk. Die hele drama handel oor die konflik wat daar tussen die karakters plaasvind asook die innerlike konflik wat elkeen in homself het. Bastian (Luan Kloppers) kon dit byvoorbeeld nie verwerk toe Chris (Christiaan van der Merwe) sterf nie en hy en Floris (Johann Preller) is ook gedurig in konflik terwyl Henk altyd die vrede wou bewaar. Die stuk word beskou as 'n meer volwasse een en die abstrakte aanbieding het baie tot die sukses daarvan bygedra.

Daar kan met reg gesê word dat die opvoering een van die bestes in jare was en graag wil die bevoorregte Affie-gehoor, almal wat hierby betrokke was, bedank vir hulle toewyding en harde werk. As Affies sy toneelspel op so 'n hoë vlak kan hou, sien almal met groot verwagting uit na wat in die toekoms gaan gebeur.



*V.l.n.r.: Christiaan van der Merwe, Villiers Terblanche, Luan Kloppers en Johann Preller.*

# Naskoolsentrum

**'n Naskoolsentrum is op versoek van die ouers by die Seunskool begin.**

Daar is tans 25 seuns wat smiddae vàn die diens gebruik maak. Die Naskoolsentrum het veral twee groepe bywoners:

1. Seuns wat buitemuurse aktiwiteite het en dan nie tyd mors om rond te sit nie, maar onder toesig hul tuiswerk kan doen.
2. Seuns wie se ouers ver bly en eers laat smiddae tuis kom.

Die mooi gees wat onder dié groep leerlinge heers en die besliste akademiese verbetering van sommiges, is verblydend. Mev. Marietjie Kruger se aandeel om daar te wees vir enige probleem wat mag opduik, werp goeie vrugte af.

**Algemene inligting**

**Tye:** Maandae tot Donderdae van 14h00-17h00.
**Koste:** Koste beloop R22-00. p.m. — voltyds en R16-00 p.m. — deeltyds
**Voedsel:** Koste sluit nie voedsel in nie, die Verversingskomitee van die T A O verkoop elke middag kos teen 'n minimale bedrag.

Die diens is vir die seuns beskikbaar gestel en indien ouers meer inligting wil bekom, kan die hoof, mnr T Kruger, onverwyld geskakel word.



*Die Naskoolsentrumleerlinge.*

# Na 67 jaar — 'n Muurbalklub

**Die Afrikaanse Hoër Seunsskool vier vanjaar sy 67ste bestaansjaar en muurbal is een van die min sportsoorte wat tot onlangs nog nie by die skool beoefen is nie. 'n Interessante feit is dat skole soos Menlopark en Boys High lankal reeds hul eie bane het en op provinsiale vlak meeding. "Waarom nie Affies nie?" sou 'n goeie vraag wees en so van praat is na die daad oorgegaan.**


Die tweede termyn was skaars aan die gang, toe mnr James Nel tesame met 'n paar leerlinge die balle aan die rol begin sit het. 'n Bestuur is gekies met mnr Nel as koördineerder en organiseerder, Casper Badenhorst as voorsitter, Hennie Visagie as ondervoorsitter en Christiaan Diedericks as sekretaris. Stefan Venter en Quinten Willemse is onderskeidelik as bo 15 en onder 15 verteenwoordigers gekies.

Die eerste groot taak was om bane in die hande te kry, aangesien die skool nog nie oor hierdie fasiliteite beskik nie. Die Pretoriase Muurbalklub het ingewillig om hul bane twee maal per week tot Affies se beskikking te stel en sodoende is die grootste probleem oorbrug Affies het veral dank aan mnr Potgieter, voorsitter van die klub, vir sy bereidwilligheid.

Al wat nog gekort het, was lede. Nog van lede gepraat toe staan die ledestal op 120 waarvan 80 reeds aktief speel. Die res sal na afloop van die rugbyseisoen inval. Dit is reeds derde grootste in die skool naas rugby en atletiek, 120 Lede was nog lank nie genoeg nie want aansluitingsvorm stroom nog steeds daagliks in. Hoe nou gemaak 130 lede, net een bestuur en een organiseerder? Daar moes 260 vorms se inligting verwerk word, 130 lede se betalings moes gekontroleer word, en 'n ranglys moes twee maal per week op datum gebring word. Die probleem is opgelos en terselfdertyd is daar sommer ook geskiedenis gemaak. Muurbal is die eerste aktiwiteit by die skool waarvan die administrasie deur 'n blikbrein behartig word. Elke speler het 'n rekenaarnommer waarvolgens persoonlike inligting, prestasies gegewens en ander belangrike informasie binne sekondes verkrygbaar is.

Die stigting van die klub is op groot skaal deur ouers, oud-Affies en die Noord-Transvaalse Skole Muurbalvereniging verwelkom. Die sukses wat tot dusver bereik is, is definitief toe te skryf aan die puik organiseerder, goeie organisasie, 'n sosiale kompetisie atmosfeer wat heers, en die vrywillige welwillendheid van die lede. Die Noord-Transvaalse Skole Muurbalunie het Affies reeds genader en die skole sal binnekort op provinsiale vlak in die liga opgeneem word. Muurbal is 'n baie aksievolle opwindende en uitdagende sportsoort en enige belangstellendes kan mnr Nel ter enigertyd vir inligting nader. Die Muurbalklub beloof om groot hoogtes in 1987 en die toekoms te bereik.

**Casper Badenhorst — Voorsitter**



## Die Afrikaanse Hoër Meisieskool word 'n nuwe spesiale koorlid ryker

**Die 30ste Maart het die koor van die Afrikaanse Hoër Meisieskool 'n nuwe lid gekry 'n baie spesiale lid: Christi Marius Frans Kruger en sy trotse ouers is mev Elmi Kruger, ons geliefde koorleidster, en haar man.**

**In 'n onderhoud het mev Kruger bevestig dat Christi 'n baie gesonde bala is, met blou oë en donker hare.**

**Alhoewel die Kruger-egpaar 'n seun ryker geword het, het mev Kruger nie die koor afgeskeep nie. Aan die einde van Februarie het die koor 'n uiters geslaagde koorkamp gehou en tree hulle op in onder andere kerke en by 'n ouetehuis. Die koor neem ook hierdie jaar deel aan die Administrateursbekerkompetisie. Die Redaksie wens hulle alles van die beste toe vir al die komende kompetisies.**

**Cornel Breytenbach.**

## Die Afrikaanse Hoër Meisieskool bring op die planke — Liewe Kersema — 'n eenbedryf

*"Liewe Kersema" is 'n eenbedryf wat aansluit by die ervaringsveld van die hoërskooldogter — verál as sy in die koshuis bly. Soms word 'n koshuiskamer té klein; voel dit vir jou of die vier mure te ná aan jou kom as jy ontsteld is, of uitbundig, of vol verlangens wat jy nie heeltemal kan verwoord nie. As jy nou boonop 'n spul gedigte moet memoriseer om aan 'n ongewilde juffrou in die hospitaal te gaan voordra, raak sake té erg.*

En wat maak Bea, Karen en Ansoe in 'n soortgelyke situasie? Hulle kies 'n sondebok, 'n plaasvervanger Grietjie word Juffrou Kersema en hulle kan nou met oorgawe al hulle gevoelens teenoor haar lug. Maar, besef hulle geleidelik, die kille afsydige Juffrou is maar 'n brose mens.


Die aktrises wat "Liewe Kersema" in Augustus op die planke gaan bring is: Ellen Nicol, Karin Stapelberg, Marlise Liversage, Marthali Brandt.

Dié vier karakters raak geleidelik fiks van koshuiskatels ronddra, matrasse manipuleer en hope emosies omskep in 'n dramatiese spel tussen mens en mens. Die gehoor óf ten minste, dié van hulle wat al kind was, of is, sal deernis en begrip hê vir arme Kersema en die koshuiskinders.

# SO VIER AFFIES REPUBLIEKDAG

Woensdagoggend 27 Mei was 'n baie aangename dag vir al die Affies — dit het weer tyd geword om Republiekwording te vier. Die meisies het so teen 12h00 na hul broerskool oorgestap, waar mejuffrou Venter die verrigtinge met skriflesing en gebed geopen het. Die seunskool se puik blaasorkes het daarna vir ons 'n paar opgewekte liedere gespeel. Daarna is die vlag gehys en ek is seker almal het weer met groot aandag na die woorde van ons Volkslied geluister en daaroor nagedink. Meneer Edwards het vir Landi Pieters en Ané Jacobs aan die woord gestel. Hulle het vir die Affies pragtige gedigte voorgelees: *Paternoster vir Suid-Afrika* deur Lina Spies en *Gebed op 31 Mei* deur Dolf van Niekerk. Mejuffrou Potgieter het gereël dat professor van Rensburg die Affies kom toespreek oor die verlede, maar veral hulle plek in die toekoms! Almal het weer 'n kansie gekry om terug te kyk met dankbaarheid, boontoe te kyk met geloof en vorentoe te kyk met moedigheid. Almal besef ook nou weer dat ons in 'n pragtige land lewe en dat die toekoms van die land in ons hande lê.

Professor van Rensburg se boodskap was baie treffend:
**Wees groot in gees**
**Wees groot in geloof**
**Wees groot in krag, dan hoef jy nie die toekoms te vrees nie.**



*Ané Jacobs aan die woord.*

# REDAKSIE 1987

**Redakteur**
Rudi Stumpf

**Sub-redakteur**
Evan Andreou

**Algemeen**
Christoffel Bleeker
Fanie Herman
Hendrik Viljoen
Jan-Albert van den Berg

**Sport**
Arno Steynberg
Carl Esterhuysen

**Kultuur**
Luan Kloppers
Alwyn Kaltwasser
Alber Bekker
Willem van Staden

**Foto's**
Albert Pretorius
Bennie du Toit
Hans Gildenhuys

**Redaktrise**
Helena Barnard

**Sub-redaktrise**
Cornel Breytenbach

**Kultuur**
Juanita Poolman
Laura Nothnagel
Sunél Smit
Liesel van Vuuren
Brenda Maree

**Sport**
Ronel de Beer
Hedwig Schuman

**Foto's**
Danelle van As
Jeanne le Roux
Krista van Rijn

**Algemeen**
Ellen Nicol
Liese Tegtmeier

**Reklame**
Lia Chrissopoulos
Janine van Staden

# REDAKSIONEEL

**Die tweede termyn is die besigste termyn: 'n termyn van Swart merajas, Junie-eksamen en rypoggende. 'n Gees van gelatenheid het oor die skool gaan lê: wat sal gebeur, sal gebeur.**

Van al die leerlinge beleef die Matrieks dit die ergste — na elf jaar is die amper-laaste-termyn byna erger as 'n mens kan verdra. Die Matriekdames dra hul bultende tasse (en al die tersaaklike handboeke) of dolleë, hoewel baie elegante tassies en lewensmoegheid soos dit iemand van hul jare pas.

Van 'n ewe-moeë Matriek dié raad: ons is besig met die laaste skof van 'n baie verrykende tydperk in enige mens se lewe. Bestee net die allernodigste tyd aan jou studies. Slaap baie. MOENIE probeer dieet nie. En veral probeer iets wen uit elkeen vandie laaste ondervindings. Bêre jou laaste herinnerings. Dis kosbaar.

Aan die res van die skool: wees tog verdraagsaam. Eendag is jùlle die skool se uitgeputte Matrieks.

**Helena Barnard**

# Dankie

**As organiseerder van die muurbalklub by Affies wil ek graag my hartlike dank uitspreek teenoor die volgende persone wat almal bygedra het om die nuwe klub tot stand te bring:**

Mnr Belius Potgieter — voorsitter van die Pretoria Muurbalklub, vir die beskikbaarstelling en al die klub se bane.

Casper Badenhorst en Hennie Visagie vir die harde werk by die bane asook agter die skerms.

Christiaan Diedericks vir die verwerking van klubdata asook die druk van die ranglyste en lidmaatskapslyste.


'n Spesiale woord van dank aan elke speler van die onder 15 en bo 15 spanne vir hul entoesiasme en besondere sportmangees! Sonder spelers is daar geen klub nie.

Aan almal hierbo genoem — Baie dankie. Mag die muurbal van krag tot krag gaan.

**James H Nel**

# AFFIES WYS KARAKTER
## Hoofseunsboodskap

**Al was Affies al baie bo en ook baie ander, bly Affies die skool met *gees* en *karakter*. As daar een ding is wat sover die jaar 'n hoogtepunt was, was dit weer eens Affies se unieke aandeel in alles. Dat 'n Affie altyd soos 'n wenner voel, óf hy nou wen óf verloor, sê alles.**



*Kobus Spaarwater*

Ons moes vanjaar 'n nederlaag op Interhoër verwerk, maar het dit reeds reggemaak. Ons rugby voer 'n verbete stryd en is besig om bo uit te kom. Só ook die tennis, krieket en nog soveel meer. Wie anders as Affies sal op Bloemfonteinstasie die kreet skreeu sonder om twee keer te dink?!

Wie kan vir meer vra as om te kan sê jy weet daar is altyd iemand om te doen, wat gedoen moet word, en soos dit gedoen moet word. Niemand kon ons ooit oortref in gees langs of op die veld nie, en niemand sal ooit kom nie.

Die rede hiervoor is nie ver te soek nie: Dit is omdat niemand ons 67 jaar van vasgestelde en trotse tradisie, vasgeanker aan Die Rots, ooit sal kan ewenaar nie. Laat ons met ywer en mening hieraan bou.

*Affies, julle is altyd bo!*

**Cobus Spaarwater**

# OUD-AFFIE VAN DIE TERMYN

**Jan Lodewikus is die seun van brig en mev D S Pretorius van Verwoerdburg. Hy slaag matriek in 1959, die jaar waarin hy hoofseun was. Gedurende sy skoolloopbaan blink hy ook uit as 'n uitmuntende sportman.**

**Onderwys**

Hy studeer daarna aan die Pretoriase Onderwyskollege en begin sy onderwysloopbaan by die Laerskool Anton van Wouw, daarna gee hy onderwys by Swartkop en Afrikaans Hoër Germiston.


**Personeelbestuur**

Hy behaal intussen die BSc-graad by Unisa en bedank na vyf jaar die onderwys. Hy werk daarna by SAPPI as Assistent Superintendent-opleiding.

Vanaf 1969-1971 beleef papiervervaardiging 'n oorgangsfase en was hy verantwoordelik vir die skryf van opleidings handleidings (uit Engels) in Afrikaans. Vir 'n nietaalkundige was die "skep" van Afrikaanse papiertegnologiese woorde 'n belewenis en 'n voorreg.

Hy het die voorreg gehad om saam met manne soos dr Johan Gouws, Dawie Beukes en andere die "Instituut vir Personeelbestuur" in sy wordingsjare te help uitbou — was ook stigterslid van die Oosrandtak en het 'n paar sooie gespit om die professie gevestig te kry wat nou so 'n deurslaggewende rol in die bedryfswêreld speel.

Mnr Jan Pretorius raak daarna betrokke by Bestuursopleiding by die



*Mnr. Jan Pretorius*

Telefoonvervaardigers van Suid-Afrika te Springs. Hy aanvaar toe 'n pos as eerste Personeelbestuurder by Fibreglass en later by Malcomes. Die afgelope agt jaar is hy Bestuurder Menslike Hulpbronne by RUC Mining Contracting.

Mnr Pretorius dien ook as kerkraadslid en is baie betrokke by gemeenskapsdiens. So dra hy ook sy deel by as komiteelid van die Oud-Affiesbond en is tans voorsitter van dié Bond. Hy was mev Le Roux ook behulpsaam met die skenking van trofeë deur oud-Affies vir die prysuitdeling.

Hy hou ook van skeppende werk soos kuns, en musiek; en ontwerp huisplanne en doen graag hout- en konstruksiewerk. Hy is ook 'n natuurliefhebber en kamp graag saam met sy gesin uit.

Sy oud-skoolhoof, prof G J Potgieter, se jongste dogter, Marietjie, is die ma van hul vier seuns. Dawid (oud-Affie), Gert (tans onderhoofseun), Jan-Lodewyk en Jan-Louis (Affies).

Boodskap

Graag wil ek 'n paar gedagtes deurgee aan die skoolgaande Affies. Ek het 'n besondere waardering vir die oud-Onderwysers en personeel van ons skool — uitstaande figure wat onuitwisbaar voortleef in die lewens van duisende manne wat buitengewone prestasies op alle lewensterreine gelewer het deur die dekades heen.

Affies se onblusbare gees en entoesiasme, die unieke en skerp humorsin — die gee van die kreet op die kritieke oomblik — dit is kosbare erfgoed.

Hulde aan die rol van die koshuis, — die Affie lojaliteit; die groot getalle tweede en derde geslag Affies wat gestalte help gee het aan die "Affie-karakter" wat deur die geskiedenis soos 'n "goue straal" loop. Dit is ons grootste bate en erfenis. Vir dié rede glo ek het ons skool Volksbesit geword — die trotse simbool — van ons Taal;- kultuur- en geesgenote.

As deelgenote in hierdie groot geskenk van ons trotse geskiedenis is en moet ons antwoord hierop altyd wees: ". . . Jou lig sal ons dra tot ver oor ons wye Suid-Afrika".

Om dit te verwesenlik moet julle aktiewe bouers wees en nie brekers nie. Bou op en moenie afbreek nie. Koop die tyd uit! Bemark Afrikaans!

# STROOM-OP: IN OF UIT? DIE OORDEEL

**Die oordeel is gevel: Stroom-op is nog in onder die leerlinge van Affies.**

Uit die meningspeiling het 'n paar baie interessante feite na vore gekom. Die vraelyste wat aan die redaksie terugestuur is, het leerlinge uit alle standerds van beide skole ewe goed verteenwoordig. Die redaksie voel dus dat die volgende 'n redelik getroue maatstaf van Stroom-op lesers se gevoelens is.

Oor die algemeen word gevoel dat Stroom-op heeltemal genoeg leesstof bied, hoewel bitter min mense die koerant van hoek tot kant deurlees. Die rubrieke kry ongetwyfeld die meeste aandag, maar dit is verblydend om te merk dat sport-, kultuur- en diepte-artikels wel gelees word. Meeste lesers voel dat die hoofartikel oor skoolsake moet handel.

Oor die verhouding van berigte het almal veel te sê. Die meeste is dit eens dat Stroom-op ewe veel aandag aan albei skole gee, maar die juniors kla veral oor hulle aandeel in die koerant. Volgens hulle het hulle eerstens bloedweinig sê in die skryf van berigte en tweedens word daar bitter min oor hulle gesê wat enigsins die moeite werd is.

Uit die meningspeiling het daar verder geblyk, dat daar oor die algemeen genoeg foto's by berigte geplaas word, maar dat 'n groter fotoblad 'n eindelose bron van plesier sal wees. Dis gewoonlik hierdie mense wat ook voel dat nuus- en kultuurberigte hopeloos te veel aandag kry.

**Ellen Nicol**

# Sharita Kleynhans — hoofmeisie van Affies aan die woord

**Verskillende leerlinge heg verskillende waardes aan die "Stroom-op". Hulle glo dat selfs die radio nie "Stroom-op" kan vervang nie. Wie begin nou 'n vuur met 'n radio?**

Daar word egter 'n hoë premie op ons koerantjie as kommunikasieblad geplaas.

Wanneer die Affies kommunikeer is wedersydse respek vir mekaar van die grootste belang. Menswaardigheid moet erken word — waardigheid wat nie aan sosiale status, geleerdheid of rykdom gekoppel is nie, maar waardigheid wat in die persoonlikheid en karakter van die mens na vore kom.

Dit is ook báie makliker om "vernames" lief te hê as die "doodgewones". Hierdie is aspekte waarop die Affies moet let. Blywende verhoudings kan slegs gekweek word, as elke Affie haar deel doen.


Die helfte van die jaar het reeds aangebreek, en ek wil graag 'n paar woorde van bemoediging aan my mede-Affies rig.

Onthou: geen skeppende werk wat iets beteken, het sonder aanhou tot stand gekom nie. Jou formaat as mens — en as Affie — word deur jou wil tot aanhou bepaal. Volharding onder moeilike omstandighede is een van die sterkste karaktertrekke wat 'n mens kan openbaar.

Ons ouers, wat ons liefhet, maak staat op ons aanhou.

Ons hoof en personeel maak staat op ons aanhou.

Ons moet aanhou omdat ons glo



*Sharita Kleynhans*

die lewe is meer as die "hier" en die "nou", meer as die "tasbare" en die "sigbare". Dáárom is dit die moeite werd om te volhard en slegs dan word "Ek sien haar wen" 'n werklikheid in elke Affie se lewe.

# KLIP IN DIE BOS

**Van ons skole word dikwels gesê dat, hoewel 'n afsonderlike Seun- en Meisieskool; ons nóóit geïsoleerd is van die teenoorgestelde geslag nie. Dit wil egter voorkom of hierdie stelling nie gestaaf kan word nie.**

Daar word natuurlik verskeie gesamentlike funksies t w v sosiale verkeer gereël, onder andere sokkiejolle, wat egter maar bra "kitsch" is en wat nie juis beroemd is daarvoor dat baie mense mekaar hier beter leer ken nie! Debatte ensovoorts word wel met sukses georganiseer, maar wanneer die opkoms by sodanige geleentheid vergelyk word met die totale aantal leerlinge in die twee skole. . . nou ja, 'n mens hoef seker nie veel uit te wei nie.

Wat van 'n klub — wat voorsiening vir ouens en meisies maak — wat so om en by twee maal per jaar interessante staptoere onderneem? Op dié manier leer 'n mens nie net mekaar beter ken nie, maar keer terug na die essensie, die spil waarom alles draai. 'n Mens se perspektiewe en prioriteite kan weer in fokus en bo en behalwe die onvermydelike, openhartige sosialiteit en hoë kwaliteit van samesyn wat met so 'n projek gepaardgaan, kan die mees skouspelagtigste dele van die land op dié unieke manier besigtig word.

Om só iets egter te kan laat slaag, moet daar ten minste een onderwyser uit elk van die Seun- en Meisieskool betrokke raak, asook tussen 10 en 20 ouens en meisies.

Wie stel belang?

**Fanie Naudé St 9**



**Nandi Visser van St 9 het deelgeneem aan die kookkompetisie wat deur die Droëvrugteraad geloods is. Die tema het die belangrikheid van ontbyt in die daaglikse voedingstofinname onderstreep.**

# Die Affies kan bak en brou

Sy is aangewys as een van die finaliste in die landswye kompetisie en het deurgedring na die eindrondte wat vanaf 2 tot 5 April in Stellenbosch plaasgevind het. Die kompetisie het plaasgevind in die Huishoudkundegebou van die Universiteit van Stellenbosch. Op Vrydag 3 April, moes die deelnemers hulleself bewys en ontbytspyskaarte voorberei. Dit was 'n gebak en gebrou uit 'n ander wêreld. Uiteindelik is die geregte opgedien vir beoordeling . . . Die aand, tydens 'n skemerkelkonthaal is die wenners aangekondig. Nandi Visser (AHMP) en Reny Meurer (Girl's High) het Transvaal se naam hoog gehou. Nandi Visser het die derde plek verower.

Op Saterdag, 4 April, het die Droëvrugteraad die deelnemers op 'n besigtigingstoer deur die Wes-Kaap geneem, wat onder andere 'n wynproe en 'n bootreis ingesluit het. Die tyd het gans en al te gou verbygegaan en die tog huis toe is aangepak. Daar is traag van al die nuwe vriende afskeid geneem. Dit was 'n leersame, genotvolle tydjie en dit sal nie gou vergeet word nie.

# GOLD REEF CITY, HIER KOM ONS!

**Op Dinsdag 31 Maart het die swemmers en atlete van Die Afrikaanse Hoër Meisieskool die vergunning gehad om Gold Reef City te gaan besoek — in skooltyd!**

Die twee busse het omtrent 05h00 uit Bondstraat vetrek — propvol tevrede Affies. Gold Reef City het die Affies verras — hulle het hulle verkyk aan die eg-outydse huisies, lamppale en geplaveide straatjies. Oral het nuuskierige Affie-oë die speelgoeduitstalling, treinland en geskiedkundige huisies, wat nog die lewenstyl van die goeie ou dae verteenwoordig, aangestaar. Die sentimenteles was net spyt dat hulle nie die koperkatels en kantklere kon saamneem huis toe nie.

Waaraan die Affies hulleself wél vergryp het, was die tuisgemaakte lekkers, in die lekkergoedwinkel — en die kieste het nog vir dae daarna gebult van dié kleurvolle soetgoed. (As die Affies iets doen, doen hulle dit dééglik!)

Met pers en blou mynwerkershelms op, het die Affiemolle die mynskag en vyfde vlak ondergronds gaan verken — totdat mevrou Esterhuizen haar byna keduks geskrik het toe hulle hier vlak by die Affies begin boor het.

Gelukkig het ons die mynekspedisie oorleef en was daar tyd om die treinrit te onderneem voor ons die terugtog Affieland toe moes aanpak.

Hopelik sal dit nóg 'n Affie-tradisie word, en hopelik kan die kuiertyd volgende keer verleng word tot meerkyk, meer-leer en ook meer-geniet.

**Brenda Maree**

# Sy . . . satyn . . . kerslig . . . romanse . . . droomprinse . . .

**"Met haar droomprins aan haar sy, met die wonderlikste rok en 'n gelukkige glimlag om haar mondhoeke, stap sy die vertrek waar die bal gehou word binne".**

Elke meisie droom van so 'n aand en een of ander tyd is daar 'n groepie standerd Nege-vriendinne, wat dit alles kan laat waar word. Die afgelope paar maande was 'n baie besige tyd in die standerd Nege-leerlinge se lewens. Daar word koekverkopings, met alles van springmielies tot appeltert, gehou. Daar word baie mooi knoop en doopsakke aan die skool verkoop, daar word kompetisies gehou, roomys vir die baie warm dae en piesangbrode vir die honger onderwyseresse uitgeveil. Dit alles, Matrieks, vir die Matriekafskeid. Dit gaan uitstekend met die neges se verkope, "Hierdie jaar gaan die matrieks nie maklik vergeet nie!" sê een van die klaskapteins van die Neges.

Die standerd Neges is nog vuur en vlam en daar is geen keer aan hulle nie, al is daar reeds sakke vol geld ingesamel. So, Matrieks, as julle nog nie tyd gehad het om tussendeur al die werk te dink aan daardie spesiale aand nie, moet jy 'n tydjie inruim om te droom en aan 'n asemrowende tabberd te dink.

**Krista van Rijn**

# Affie, jy loop iets mis

**Die ACSV benodig JOU. "ACSV — wel ek het 'n vreeslike belangrike vergadering Donderdag pouse". Affie, is dit ook jou reaksie? Loop jy ook wye sirkels om kamer 55? Dink jy ook dit is oudmodies om saam met jou maats Bybelstudie te doen? Dink jy ook dat die ACSV dood en vervelig is . . .?**

Nee!! Jesus leef! Jy leef! . . . Die Christendom leef!!

By die Afrikaanse Hoër Meisieskool se ACSV, is die Affies-hulle vuur en vlam vir die saak van Jesus. Jy loop beslis iets mis, as jy Donderdae altyd in dieselfde groepie sit en gesels oor toetse, ouens en partytjies. Daar is niks mee verkeerd nie, maar Donderdae kan jy dit nie bekostig nie. Weet jy, Jesus het jou nodig, om betrokke te raak by dié dinge wat werklik saak maak! Dit is nie net die saamsing, handeklap en lekker gesels, wat 'n mens aantrek nie — dit is die gees wat daar heers, wat die verskil maak. Jy voel die liefde van God en die vrede en vreugde wat alle verstand te bowe gaan.

Affie wil jy jou nie ook by die handjievol ACSV-gangers skaar nie. Jesus rig 'n persoonlike uitnodiging aan JOU. Christen-wees is 'n fees.

**Sunél Smith en Gizela Bouer**

# Die Affies hou Makietie


**Op Vrydagaand, 24 April, is daar groot makietie in die meisieskool se saal gehou. Reeds vandat die skool begin het, is daar gepraat en gewonder oor die eerste Sokkie van die tweede termyn.**

Gaan die meisies se Sokkie weer so droog wees soos altyd? — is 'n vraag wat ook so hier en daar gehoor is. Vrydagaand op die kop seweuur het almal voor die skool begin vergader. Maar soos gewoonlik was dit eers na sewe dat die eerste dapper siele hulle op die dansvloer begewe het. Wie wil tog nou eerste daar wees? Daar was gedurende die aand 'n hele klomp verbaasde uitroepe aangaande die meisies se Sokkie soos byvoorbeeld "Kyk al die ligte", "hoor net die lekker musiek" of "ek kan nie glo dat die meisies só 'n Sokkie kan hou nie!

Daar is ook gedurende die aand heerlike eetgoed te koop aangebied en die vetkoeke het definitief menige raserige maag gestil.

Die Sokkie was werklik 'n groot sukses en dit het definitief die stigma wat aan die meisieskool se Sokkies kleef, finaal die nek ingeslaan.

**Brenda Maree**



**Daai harre !!**

# BIOLOGIE PRAKTIES

**Onderwerp: Anatomie van die ingewande**
**Voorwerpe: Rotte**
**Chirurge: St 10-biologieleerlinge**
**Tyd: 10h30**
**Operasiesaal: Biologieklas.**

Die klomp wit rotte was reeds uitgepak en daar kon onmiddellik met disseksie begin word. Na die formalienreuk almal bedwelm het, kon niks die aspirant-chirurg meer keer nie. Eerste aan die beurt was die afsny en oopspalk van die vel. Te danke aan uiters goeie hand-oogkoördinasie het dié afslag met soveel presisie verloop dat sommige velle oopgetrek en gesout is vir bewaring.

Daar was egter die ernstiger operasies wat ingesluit het: hart-, brein- en leweroorplantings. Dit is met soveel sukses uitgevoer dat slegs 7/8 van al die organe onherkenbaar vernietig is, die oorblywende 1/8 kon darem nog uitgeken word. Probleme wat opgeduik het, was hoe om deur die kopbeen te kom en is opgelos met die hulp van die . . .

Te dankie aan hierdie fantastiese geleentheid gaan die mediese wêreld volgende jaar vereer word met nog 'n paar uitstekende studente, met baie praktiese ondervinding . . .


**Albert Pretorius**

# Aanstap rooies, die pad is lank en swaar

Op Saterdag 2 Mei 1987, het die Transvaalse keuring vir die Pellisierweek vir Volkspele plaasgevind. Daar was 84 meisies en 68 seuns wat al swaaiende en draaiende meegeding het. Die keuring het by die Wierdapark Laerskool plaasgevind. Daar kon egter net dertien meisies en veertien seuns gekeur word. Daar word dan uit elke provinsie 'n aantal leerlinge gekeur om die Pellisierweek by te woon. Die keuring het die oggend 10h00 begin en tot 15h45 geduur. Daar is omtrent gedraai en geswaai. Die Dagbestuur van die Transvaalse Komitee vir Volksang en Volkspele het as keurders opgetree. Dit was voorwaar moeilik, want almal het hulle goed van hulle taak gekwyt.

Die gekeurdes van die vier provinsies kom almal die eerste week van die Julie-vakansie in Wellington bymekaar. Die week word hoofsaaklik gewy aan Volkspele, maar daar is ook lesings oor leierskap ens. Dit beloof om 'n baie leersame week te wees.

Daleen Olivier (St 10) is gekies om die Pellisier-week by te woon. Stroom-op wens haar geluk en hoop sy gaan sommer lekker tiekie-draai.



*Daleen Olivier.*

# Die Koshuissosiaal

*Onder leiding van die Ouervereniging by die koshuis, is besluit dat daar 'n bring-en-braai gehou moet word. Met die gedagte dat dit 'n geleentheid moet wees waarop ouers en onderwysers en leerlinge mekaar beter kan leer ken.*

*Die groot dag was Saterdag, 23 Mei. Vleis van die koshuis, pap, slaai, koffie en tee is deur die koshuis voorsien, asook die braaigeriewe.*

*Dit was 'n reuse sukses, al was die rugby nie op Loftus nie (maar daaraan sal in die toekoms gewerk word). Daar word beplan om termynliks een so 'n geleentheid te hou.*

**C Bleeker**

# Dié Affies speel nié tweede viool nie


**Marthali Brand en Ansa de Wit is albei gekies as lede van die Noord-Transvaalse Jeugorkes. Marthali speel die kontrabas en Ansa die altviool. Marthali het ook volle Noord-Transvaal kleure verwerf, wat gelykstaande is aan Noord-Transvaalse sportkleure. Hierdie orkes beoog om later in die jaar Potchefstroom toe te gaan. Daar sal 'n musiekfees aangebied word. Dit beloof om 'n luisterryke geleentheid te wees waarvan die doel nie net is om die lede se musiekkennis te verbreed nie, maar om sosiaal met mense van ander Taal- en Kultuurgroepe te verkeer. Daar is ook Engels en Duitse spelers in die Noord-Transvaalse Jeugorkes. Stroom-op wens dié twee Affies baie geluk, en hoop dat hulle nog groter hoogtes sal bereik in hulle onderskeie musiekloopbane.**




*Marthali Brand en Ansa de Wit.*

# Affies vier (self) Moedersdag

**Vrydag, 8 Mei het die Affies in hul honderde na die saal gestroom. Die groot magneet was die onderwyseresse se moedersdagmark. Elkeen wou die eerste wees om iets uniek vir Ma te koop. Daar was geskenke te kies en te keur — van tuisgebakte brood en koekies tot bedsokkies. Die Affies het hul vergaap aan die dames se verborge talente en flukse vingers. Die res van die pouse is daar feesgevier. Dit bly 'n interessante vraag: "hoeveel van die tuisgebak het wel by Ma uitgekom?"**



*Moedersdag in Affieland.*


THIS IS
THE WORLD'
COLDEST
WALK-IN
FREEZER



# 'n Dag in die lewe van 'n Matriekleerling

**7.00 vm:** Word wakker, trek aan, wandel skool toe (met meeste van sy boeke).
**7.30 vm:** Slaap staande op die vierkant.
**7.38 vm:** Eet ontbyt in mnr Vermeulen se klas.
**8.06 vm:** Borstel tande en skeer tussen periodes.
**8.08 vm:** Begin met oggendslapie.
**9.35 vm:** Word wakker en gaan hou pouse.
**9.50 vm:** Lees Julius Ceasar terwyl hy na Germanicus luister.
**9.55 vm:** Julius Ceasar word gekonfiskeer en word 'n "dooie-mossiebreinsel-zot" deur mev Le Roux genoem.
**10.01 vm:** Jy verbeel jou dat Germanicus in die vryheidsoorlog geveg het en Diederik Versveld het aartappels in Rome opgegrawe.
**10.30 vm:** Begin met middagslapie.
**11.45 vm:** Hou pouse in 'n slapende toestand.
**12.03 nm:** Onthou skielik dat Biologie huiswerk onvolledig is en begin uiters vinnig in 'n simbiotiese verhouding met 'n Biologie-handboek verkeer.
**12.35 nm:** Stap, vreesbevange in die Biologie-klas in.
**13.04 nm:** Stap huis toe en hervat slaapsessie.

# Affie-toekennings

**Aangesien verskeie instansies jaarliks toekennings gee soos die Oscar, Emmy en Artes, het die Stroom-op besluit dat dit tyd geword het om 'n "Affie" uit te loof. Hier volg dan nou 'n lys van persone wat die gesogte toekenning die termyn ontvang:**

1. "Titse" persone van die termyn: Kobus Lombaard
2. Afspraak van die termyn: Deidré en Oswald
3. Getrouste liefde van die termyn: Wilu en Hanlie
4. Langste liefde van die termyn: Ettienne en Tania
5. Raserigste groep van die termyn: Negende rugbyspan
6. Hardwerkendstes van die termyn: Matriek-Biologieklas
7. Droogmakers van die termyn: Negende rugbyspan

**Van der Merwe gaan kroeg toe en vra 'n bier. Die kroegman gee hom 'n glas melk.**

**Wat noem Van der Merwe sy sebra?**
**Kolle**

**Wat noem Van der Merwe sy slang?**
**Pote**

**Wat doen 'n matriek in die Biologie klas?**
**— Respireer anaërobies met hul oë oop.**

# Spike doen moeite om 'n meisie te laat weet . . .

**Een van Spike se vele meisies is mnr Swanepoel se Bullterriertefie.**


Dit blyk asof Spike nogal baie vir haar omgee, want hy het méér as een maal probeer om vir haar te laat weet: "Ek het jou lief".

Eers het hy sy been teen die Administrateurstrofee gelig en toe sommer op mnr Swanepoel se nuwe mat. Sy meisie het egter nie die boodskap gekry nie, want nóg die mat nóg die Admin-trofee het saam met mnr Swanepoel huis toe gegaan.

Na baie wik en weeg, het Spike uiteindelik besluit hy het genoeg "guts" om sy jongste breinbaba uit te voer. Hy gaan sy been teen mnr Swanepoel se baadjie lig, en hy het toe ook.

Mnr Swanepoel was nogal taamlik bek-af oor die oulike varkboudjie se plan. Dit lyk asof Spike hare op sy bors het, vandat hy Epol gebruik . . .

**Toffie Bleeker**



*As 'n mens nie slim is nie, moet jy sterk wees . . .*

# SÊGOED VAN MATRIEKS

**Tessa:** Toe nie . . .
**Tessa:** Kyk vir jou . . . en bid vir jou siel.
**Sandra:** Hey, hoor hieso . . .
**Jianni:** Agge nee, "crash-helmet".
**Sharita:** Ek is nou vreeslik, verskriklik lus vir 'n pizza!
**Alida:** Desember gebeur daar altyd iets op Clairmond. Moenie komkommer nie.
**Cornel:** Ag nee, siesa man!
**Wilma:** Juanita, as dit so aangaan, pluk ek nog die jaar.
**Desiree:** Ag kyk daai ou.
**Juanita:** Wil jy 'n tissue hê?
**Lize S:** (in die Rek-klas). Hoe doen 'n mens die volgende een?
**Grietjie:** Het jy jou Geskiedenis gedoen, is jou werk op datum?
**Sanet:** Ag noenoe.
**Sanja:** Kom ons sing weer ons liedjie.
**Gerda:** Daar's net een man in my lewe.
**Deidré:** Hierdie naweek was 'n "rave".
**Hanlie:** Yippie-hippie-yip ou maat!
**Liesel:** Jitte tog!

*Die Redaksie wil net vir Deidre en Oswald gelukwens met hul nuwe romanse, asook vir Jianni en Charlie.*

# Stel jou voor:

**Mej Swart sonder die klok**
**Mej Van der Berg sonder haar Kadett**
**Mej Du Plooy sonder haar punteboek**
**Mej Owen sonder toffies**
**Mev Prinsloo sonder die Stroom-op**
**Mej Crous sonder 'n kat**
**Mev Kuns-Prinsloo sonder verf**
**Mev Pienaar sonder atlasse**
**Mev Bosman sonder logaritmes**

# As jy nou baie geld wen, wat sal jy doen?

**10A**
**Ilse:** *Ek sal vir my 'n houthuisie koop i die Alpe (soos Heidi s'n) en marshmallows braai in die winter voor die kaggel.*
**Juanita:** *Ek sal vir so 2 weke in die Bosveld gaan rus (!) en dan in Mauritius (saam met?) gaan vakansie hou.*
**Sonja:** *Dan gaan ek dadelik met vakansie, Mauritius toe saam met Don Johnson.*
**Sandra:** *Ek sal 'n advertensie in die koerant plaas: "Ryk, jong meisie op soek na man".*
**Anelia:** *Ek sou vir YWAM betaal om in 1989 in Hawaii te studeer.*
**Grietjie:** *Ek sal Frankryk toe vlieg (1e klas) en vir my nóg 'n ryker Fransman gaan vang.*
**Irma en Ronél:** *1. Sit die skool in die mark.*
*2. Koop hom en verkoop hom vir 'n wins.*

**10B:**
I'd build a fairy tale palace of mirrors and glass, correction: have one built, on a tropical island. Famous architects would design homes for me in Italy, Scotland and Greece to suit my moods. A mansion in Spain might be added as an aftertought. But weekends I would spend in my fancy apartment off the Boulevard St Michel within walking distance of the theatre built for fun. I would start crazy business: like training octopusses (to perform in olympic standard swimming pools) for the rich in Switzerland, or putting polka dots on new combis in America. When the snow falls you'd find me in st Moritz skiing with the jetset or skating on smoothly iced even hockeyfields, with friends like Sacha Distel. I would get to know the Aga Khan (who will send me a racehorse for Christmas which I would keep just for fun). For my summer vacation I'd go to Ivan le Dain were I'd sip chilled French champagne on a blue and white yacht (a present from Monaco) while I watch my money double in the distance. (Sterk ontneem aan Streets of London).

**10C:**
**Andrea:** *Donate it to AHMP. Buy a ton of toffees*
**Amour:** *Ek sal hope sjampanje koop en ek en my vriendinne sal gaan piekniek hou.*
**Magriet:** *Sal 100 teddiebere koop en 'n BMW 323.*

**10D:**
**Daleen:** *Reis deur Afrika saam met die mooiste man op aarde.*
**Lasya:** *Trou in 'n lugballon. (Met ?)*
**Ennet:** *Joggy's koop en swart meraai'as!*
**Sonya:** *Ek sal die wêreld gaan besigtig, al my drome bewaarheid, koop wat ek nog nooit kon bekostig nie. Ek sal geld gee aan hulpbehoewende verenigings.*

**10E:**
**Tania:** *Verdwyn*
**Elsie:** *Rob Lowe huur as my tuinier op my eiland.*
**Reinette:** *Sal 'n rok maak van die geld. Koop 'n maanmannetjie om in my kombuis te werk.*
**Lize:** *Koop 'n vliegtuig met Tom Cruise as vlieënier.*

**10F:**
**Wendy:** *Ek sal 'n matrieksertifkaat koop.*
*Ilse: Sal die geld aan die skool skenk sodat die dak geverf kan word.*
**Elizabeth:** *Visit Bon Joni in Airwolf.*
**Donica:** *1. Sal saam met André P maan toe gaan en daar 'n huis bou.*
*2. Luilekker op die Griekse eilande rondkuier..*

# Waar is jou keppie?

- **In my tas**
- **By die huis vergeet**
- **Hy's weg**
- **Ek het hom nou net gehad**
- **Ek dink hy het in die Biologieklas verloor**
- **Hy't gekrimp in die was**
- **By die droogskoonmakers**
- **My sussie het op hom geteken**
- **Die hond het hom gekou**
- **My bababoetie het hom gehad**
- **Reën dit dan nie?**
- **Ek loer net gou by die hek uit ek soek "hom" net gou**
- **Ek het jou al gesê**
- **'n Ander prefek het my reeds gevra**
- **My vriendin het hom**
- **Jy sal my nie glo nie, hy sit in my baadjiesak vas**
- **My hare is nat, ons het geswem in LO**

# Top 15

1. Spike — Cry Wolf
2. Mnr van Rooyen — Open your heart
3. Shahia — Arizona Sky
4. Mnr Edwards — Goodbye Yesterday
5. 1ste Span — Nothings gonna stop un now
6. Matriek Wiskunde — Land of confusion
7. De Munnik — fight for your right to party
8. Mnr Vermeulen — The Great Pretender
9. Mnr Swanepoel — I am the law
10. Mnr T L P Kruger — Control
11. Mnr Deyzel — Shikiza
12. Mnr Van Deventer — Hiroshima
13. Mnr Karel Heinz — Wasteland
14. Mnr Sheppard — Waiting for the Ghost train
15. Gerard Swart — Respectable

# Verbeel jou

**Pieter Nel sonder paalspring**
**Polla sonder rooi hare**
**Mnr Edwards met hare**
**Heinz sonder water op sy knie**
**Bacchus en mnr Vermeulen sonder tande**
**De Lange sonder twaalf toebroodjies**
**Rommel sonder Hitler en Radio Moskou**
**Mev le Roux sonder 'n besem**
**Mnr Van Tonder sonder 'n kayak op sy Peugeot**
**Mnr Keyter sonder Paul Revere**
**Die Hoof sonder 'n das**
**Theodore sonder die negende span**
**Charles Liebenberg sonder 'n nekstut**
**Pierre Naudé sonder kougom**
**Francois Conradie en De Munnik let op in Afrikaans**

# Onafskeidbaar

**Anita en haar Granola Bars . . .**
**Christa en haar Tone**
**Sunette en Biologie**
**Wilma en koshuiskos**
**Ellen en haar sodawater**
**Alanne en haar kuif . . .**
**Petro en haar Lorrie . . .**
**Helena en haar "musiek" . . .**
**Brenda en aerobics**
**Marelise en haar "maskara"**
**Anka en haar horlosie (vra maar vir Christa)**
**Heleen en haar "lunch-box"**
**Tienkie en Tennis**
**Yvette en LIEFDE**
**Carina en Skeinat**
**Sally en DRAMA**

# Onderwyseresse en gesegdes

**Mej Venter:** Dit was 'n bisondere voorreg. "Bäie geluk en Bäie dankie.
**Mev Nel:** Treur . . . Es ist möglich aber unwahrscheinlich!
**Mev Pretorius:** Die onderwyskandidate moet pouse na my toe kom.
**Mev Raath:** As julle nog nie begin leer het nie — dis te laat!!
**Mej Crous:** Goed, net 'n paar sake voordat ons aangaan . . .
**Mev Dorey:** Ek kyk nie meer of julle huiswerk doen nie, julle is nou mooi groot kinders.
**Mev Van Schalkwyk:** As jou handboek weer nie hier is nie, skryf ek jou naam op. Kinners, julle is gevroke!
**Mev Winter:** "Fropples . . ."
**Mej Vink:** Julle, ek het nou daaroor geslaap gisteraand . . .
**Mej Potgieter:** Middag st 10e. Julle mag maar sit.
**Mej Du Toit:** Volgende "pejiode" moet al julle werk in wees.
**Mev Esterhuizen:** Haai, kom nou toe!
**Mev Ferreira:** Julle kan maar teruggaan na julle banke toe, voor julle loop, Meisies.
**Mej Burger:** Luister . . .
**Mej Van Wyk:** Miss Muffet
**Mev Kuns-Prinsloo:** Jy sal iets aan hierdie ding moet doen. Ek weet nie . . . of iets . . . of iets, ek weet nie.
**Mej Van Rooyen:** Gee 'n rede, hoekom jy nie daarvan hou nie.
**Mev Kotze:** Staan in 'n reguit ry. En dié pienk broek?
**Mev Barkhuizen:** "Preceding direct object."

# Ken jy my nou? Het jy die spieël gesien en ken jy jou?

**Dit is die openingswoorde uit** ***Ballade van die Bose*** **van N P van Wyk Louw en kom uit sy bundel** ***Gestaltes en diere*****, opgedra aan sy tweede vrou, Truida Pohl.**

Op Woensdag, die 29e April het vyf Affies, Desirée Tesner, Ané Jacobs, Sonya Cloete, Marita du Plessis en Helena Barnard, aan 'n vasvrakompetisie oor N P van Wyk Louw — sy lewe en werke — deelgeneem. Hierdie kompetisie word elke jaar geloods deur die Afrikaanse Kultuurvereniging van die Suid-Afrikaanse Polisie (AKPOL). Die Affies het vyfde geëindig, terwyl daar drie-entwintig skole aan die kompetisie deelgeneem het. Die wenspan, van die Hoërskool Gerrit Maritz, het 'n groot borsbeeld van N P van Wyk Louw ontvang.

Die kompetisie het 'n deeglike kennis van Van Wyk Louw se biografiese besonderhede vereis, asook van sy poësie en kultuurhistoriese beskouings. Die vyf matriekleerlinge het met kenmerkende Affie-ywer weggespring om onder die bekwame leiding van mev I van Schalkwyk die taai tameletjie onder die knie te kry.

Die kompetisie is by die Hoërskool Wonderboom gehou en na 'n kort verwelkoming in die saal, is al die deelnemers na klaskamers geneem om 'n vraestel onder toesig in te vul. Daarna kon die "uitgeputte" Affies hulleself gaan laaf in die skool se snoepwinkel. Terwyl die vraestelle gemerk is, is al die deelnemers vermaak deur kore van die Polisie en die Hoërskool Wonderboom.

Die laaste vyf vrae is op die verhoog nagesien en die spanning het behoorlik hoog geloop. Alhoewel die Affiespan ongelukkig nie 'n borsbeeld van N P van Wyk Louw kon huis toe bring nie, was dit nogtans vir hulle 'n baie waardevolle ervaring en iets wat hulle nie vinnig sal vergeet nie. 'n Volgende span kan nou op hul kennis en ervaring voortbou en die beeld vir ons skool terugbring.



*Die N P van Wyk Louw-kenners*

## En kan hulle praat

**Matriek! Taktiek! Manjifiek! Ons het die** ***beste redenaars*** **hier by A H M P!**

Vroumense staan bekend as die geslag wat die meeste praat. Affiemeisies is geen uitsondering nie. Wat meer is, hulle het praat tot 'n fyn kuns vervolmaak.

Bewys hiervan is gelewer met die Suid-Afrikaanse Gilde vir Spraak- en Dramaonderwysers se beste spreker-wedstryd. Die Afrikaanse Hoër Meisieskool en die Kuns, Musiek en Balletskool, was die enigste twee skole wat in twee afdelings finaliste gehad het. Die Afrikaanse Hoër Meisieskool was die enigste skool wat in albei afdelings plekke verower het.

Helena Barnard (St 10) het die Affievaandel hoog gehou met woorde! Sy is as die beste Afrikaanse spreker aangewys. Dat Helena haar woord kan doen, is gewis! In die onvoorbereide toespraak het sy finaal getoon dat sy veral hier die meester is! Sy kan op haar voete dink!

In die Tweetalige-afdeling van dieselfde redenaarskompetisie het Landi Pieters (St 10), voorsitster van die Afrikaanse debatsbestuur, haar ook as 'n uitmuntende redenaar bewys. Sy moes haar woord doen in albei die amptelike landstale. Dié afdeling is nie iets wat jy sonder handskoene kan aanpak nie. Landi se *handskoene* — Afrikaans en Engels — was beide puik en vloeiend genoeg om haar as die naaswenner in dié afdeling te laat uittree. Sy moes die knie buig voor Brett Eyper, Boy's High se hoofseun.


Die Affies is trots op ons uitmuntende redenaars. Hulle kan beslis hulle sê sê.

# Die Oueronderwysersvereniging

**Week na week, middag na middag. Na skool is daar 'n klompie ma's wat by die Appelkas kos en verversings aan die kinders verkoop. Nou wie is hulle? Dit is die Oueronderwysersvereniging wat onder leiding van mev Esmé du Plessis hierdie taak verrig.**

**Dit is nie altyd dat ons hierdie taak raaksien nie, maar namens die Stroom-Op en die hele skool wil ek net ons waardering uitspreek vir wat hierdie ma's vir ons doen, en hulle verseker dat ons dit nie ligtelik opneem nie. Hulle is egter ook by vele ander dinge betrokke. Die onthaal na elke rugbywedstryd word deur hulle gedoen sowel as die verkoop van gebruikte klere na skool. Verder is die pryse waarteen verversings aangebied word, baie billik omdat dit gaan om dienslewering en nie winsmaak nie.**

**Die voedsel is ook altyd vars en niks is so lekker as 'n koue Coke na 'n harde rugbywedstryd nie. Die ma's is altyd dáár en hulle weet beslis dat die beste pad na 'n man se hart, sy maag is. Dit is dan ook net reg as ek hulle nou aan julle bekendstel:**



*Die ma's in aksie!*

# "Uithou, aanhou, moedhou en siedaar!"

**Uithou, aanhou en oorwinning" — drie woorde wat vir elkeen waar geword het op die leierskursus van 1987 vir seuns te Graskop.**

Vir ongeveer 'n week het st 8 en 9-seuns aandag aan die intellektuele aspek van leierskap gegee. Die kursus het die lesers meer geleer van die woordjies vasbyt — vasbyt en oorwinning!

Die kursus is afgeskop met 'n 10 km roetemars, 'n nag waarin min geslaap is, en taamlik baie geloop is. Ander dae is gevul met lesings oor velerlei onderwerpe wat vir die spreekwoordelike leier van môre, maar inderwaarheid vir die leier van vandag baie beteken het!

Die hoogtepunt van die kursus was die sg. "Rondomtalie Ekskursie". In 'n bestek van een en 'n half dag is daar ± 30 km met 'n vol Weermag rugsak afgestap, 'n "pasient, onder deur 'n waterval gedra, 'n middagmaal oorgestaan, 'n skuiling gebou en seer voete opgedoen.

Met "Ekskursie Rondomtalie" is die leiereienskappe van elke seun na vore gebring. Ons is tot 'n groot mate getoets, wat uithouvermoë betref en menseverhoudinge met die uittog.

Die res van die week is verwyl met wagstaanbeurte, redenaarskursus, kanovaart en sport.

Aan die einde van 'n moeilike week was almal bly dit was verby. Aan almal wat die kursus moontlik gemaak het, van die personeel van veldskool Graskop en die eie personeel, die maats, maar ook as Skepper wat hul Sy hand van bewaring oor almal gehou het — kan dankie gesê word.

# LANDSDIENS STREEKSKAMP

**Gedurende die eerste week van die Aprilvakansie het die Noord-Transvaal streekskamp te Pietersburg plaasgevind ongeveer tweehonderd en vyftig landsdieners van oor die hele Transvaal het dit bygewoon.**

Aktiwiteite byvoorbeeld stap en swem is aangebied en almal het handvaardighede soos leerwerk en touvlegwerk aangeleer.

Interessante plekke is besoek waarvan die stadsplein en swembad die gewildste was.

Gedurende die laaste vier dae is die Lugmagbasis op Pietersburg besoek. Almal het die aand in die Wildtuin oornag en die volgende dag is 'n wildtelling gehou. Moeg en verseer het die landsdieners by die kamp aangekom en begin inhak. Daar moes totsiens gesê word aan die heerlike kamp.

**Willem van Staden.**

## WEET JY?

**1) 'n Dieët is vir mense wat dik is en dik daarvan.**

**2) Ek het altyd gedink ek het lang tande. Nou vind ek uit ek het kort tandvleise.**

**3) Hoekom verf 'n olifant sy voetsole geel? Om ongemerk onderstebo in 'n bak vla te dryf.**

**1) Matriek wees is om: lui te wees, te slinger en nie te stap nie, vroeg te gaan slaap**
**Nog minder huiswerk te doen as gewoonlik, gou verveeld te raak**
**Baie te droom**
**Jou tas op jou heup te dra**
**Jou pen uit verveeldheid te kou**
**Groot en volwasse te voel en ook te dink jy is**

# ROOIKAPPIE, DIE WOLF, 'N GROEN PERSKE

**Wat het gebeur wanneer st 8 meisies skielik begin om hulle name agterstevoor op vetkryt prentjies van rooidak huisies te skryf?**

Met die kultuuraand van standerd 8 en 9 net om die draai, het baie meisies hulle skuldig gemaak aan ietwat buitengewone gedrag. Die herlewing van hulle kinderdae was hoofsaaklik verantwoordelik hiervoor.

Die tweetalige kultuuraand se tema was: "Kindwees is pret/ Childhood is fun." Elke standerd 8- en 9-klas het een of selfs twee items gelewer. Die oorspronklikheid wat aan die dag gelê is, het onderwyseresse stom van verbasing gelaat, terwyl deelnemers hulle verborge talente ontdek het.

Die aand van Vrydag 22 Mei, was AHMP se saal volgepak. Agter die verhoog het wolwe nog 'n paar strepe om die oë gekry, 'n kolonel het 'n ekstra kussingvetrol gekry en kleuterskoolkindertjies het solank begin om aan taai suigstokkies te kou.

Die program het die hele spektrum van kindwees gedek. In die kleuterskoolklas, het Rooikappie skielik 'n nuwe gedaante gekry, verskrikte graad eentjies kan nie glo dat daar werklik "een muis kwam uit haar hol" in haar eerste leesboek kon staan nie, die kleine Isabel het in haar drome reuse, hekse, bere en dokters op hulle plek gesit en die brawe Max het monsters getem!

Die aand het egter ook 'n ernstiger toon aangeneem met gedigte soos "Mei", "Gebed van 'n groen perske" en "Can I be a child once more?".

Vir menige Affie, of hulle nou toeskouers of deelnemers was, het die woord "kultuuraand" nuwe betekenis gekry. Kultuuraand is beslis nie 'n mors van tyd nie. Die items wat aangebied word, getuig nie net van kwaliteit nie, maar het 'n ware Affiegees. Om deel te neem, is om al hoe hegter deel te word van 'n klas en van 'n standerd. Om 'n toeskouer te wees, is om te besef dat eie vermaak meestal die beste vermaak is.

Stroom-op wil die standerd 8's, 9's en hulle onderwyseresse bedank vir 'n puik aanbieding en wil terselfder tyd die wens uitspreek, dat toekomstige kultuuraande al hoe meer deelnemers en toeskouers die vreugde van Affies wees sal laat smaak.

**Ellen Nicol**



*Kindwees is pret.*

# SPORT IN PERSPEKTIEF

Eureka — Ek het kennis — maar kan sport beoefen. — was die ideaal wat daar gestel is op die Sportsimposium gehou by die Afrikaanse Hoër Seunskool op Vrydagaand, 5 Mei.

Menige Affies het die aand saammet pa of ma of sommer albei, en ook broer en suster gekom om te hoor wat daar van jou, as sportman verwag word.

Maj John Short het gepraat oor die feit dat jy 'n ambassadeur vir jou skool op die sportveld kan wees. Om voluit te gaan kan ook beteken om voltuit vir jou skool, jou land, jouself en jou God te gaan. Hierdie feit lê die Affies na aan die hart en daarom was hierdie toespraak dan ook heel gepas en werklik baie leersaam. Affies het die woorde van die atletiekafrigter wat internasionale sowel as nasionale aansien geniet baie waardeer.



*Van links na regs: Anton Ferreira, mnr Edwards, maj Short, mnr Windell, dr de Klerk en mnr du Toit.*

Mnr Henry Windell, beampte by die Sportburo van die "Norre" oftewel die Pretoriase Onderwyskollege, voorsitter van die N.Tvl-Atletiekunie en 'n Affie-pa het almal aan sy lippe gehad. Daar is nie net gepraat oor sportmanskap nie, néé, daar is gepraat oor leierskap en integriteit. Mnr Windell verdien slegs die hoogste lof vir sy bydrae.

Die voorlaaste spreker was Anton Ferreira, bekend Springbok krieketspeler. Anton het vertel wat maklik in die beroepswêreld van sport gebeur. 'n Menige van die "sportmal-ouens" op Affies het besef dat Akademie ook op sportgebied baie belangrik is.

Mnr Percy du Toit, bekende sportsielkundige van die Potchefstroomse Universiteit het met veral die ouers gepraat oor die feit van sielkundige benadering tot sport. Iets waaraan ons nie elke dag dink nie, maar tog baie belangrik is:

'n Aand waarin daar baie geleer is en baie geniet is, is afgesluit met 'n gesellige samekoms.

*Hiermee die Affies se hartlike dank aan mnr P Edwards, dr D de Klerk en die Sport- en Onthaalkomitees van die TAO vir 'n puik byeenkoms.*

# 0/13 A's SLAG VOORTREKKERHOOGTE 98-0!

**98-0! Ja, u het reg gelees. Dit was die rekordtelling wat die O/13 A-span opgestel het in die oorlogspad teen Voortrekkerhoogte.**

Reeds die Vrydag kon 'n mens al sien hoe die klein bulletjies hulle vir die wedstryd voorberei want hulle het iets gehad om te wreek vir mnr Van Rooyen. Die eerste-span se nederlaag van 13-15 in die doodsnikke van die wedstryd verlede jaar. Van die begin af kan 'n mens sien dat hulle nie net gekom het om rugby te speel nie, maar ook om elkeen in die span geleentheid te gee om sy eie drie te druk. Om soveel as moontlik tyd te bespaar is daar dan ook aan hulle die opdrag gegee om slegs die drieë onder die pale te vervyf.

Die span het regtig verwoesting gesaai en in die proses is 22 drieë gedruk, ongeveer een elke twee minute. Net 5 van die drieë is vervyf en die persoon wat die meeste gedruk het, was Barry Matthews met 8! Hiermee is alle rekordboeke herskryf en Affies kan met trots sê dat sy O/13-span op die oomblik ongetwyfeld die beste in Transvaal is.

Hou dié O/13-span dop. Dit is met groot verwagting dat Affies hulle dophou vir wanneer hulle in senior rugby op Affies nog 'n Admin-beker in A H S se kantoor kan laat staan.

## Wenke vir alle matriekklasse

**1) Moet nooit huiswerk uitstel na môre toe, as jy dit nie moontlik kan uitstel na oormôre nie.**
**2) Moenie balke saag in die klasse nie, jy steur die wat slaap.**
**3) Let op: behalwe as jy nie verstaan nie of verlief is.**
**4) Sit verkieslik voor, want die onnie staan agter**
**5) Moenie in die handboek skryf nie, krap daarin.**

# COMRADES '87

**Afstand: 87,5 km**

Maandag, 1 Junie, trek 10 800 atlete saam by stadsaal in Durban vir die aanvang van die 62ste Comrades Marathon.

Die wegspring om 06h00 — vir die lang tog na Pietermaritzburg wat begin by van dié moeilikste terrein denkbaar. Die totale klim tot in Pietermaritzburg is 870 m, oor bekende plekke soos Cowies Hill, Botha's Hill, Fidd's Hill, Inchanga en die gevreesde Polly Shorts.

Na 1600 km se oefening agter die rug was ek toe deel van die 10 800 "mal" mense. Dit was my tweede Comrades — die vorige keer was in 1983 (tyd: 9 uur 24 min). Ek was vasbeslote om die jaar op daardie tyd te verbeter.

By die halfpadmerk (Drummond) het ek nog baie sterk gevoel (tyd: 3 uur 50 min). Dis hier waar die wedloop in werklikheid eers begin. 44 km is agter die rug en daar bly nog soveel kilometers oor!

Dit was ook buitengewoon warm (31°C), met die gevolg dat die verversingstafels langs die roete druk besoek is.

Alles het volgens plan verloop tot by 74 km toe ek vir die eerste keer gedwing is om te loop. Daarna sou ek by twee geleenthede genoodsaak word om te loop, waarvan een keer teen Polly Shorts uit was, 'n steil bult van 2 km teen die einde van die wedloop.


Na Polly Shorts het dit weer goedgegaan en het ek toe klaargemaak in 'n tyd van 8 uur 3min.

Volgende jaar? Ek beplan om weer te hardloop en dan wil ek graag 'n silwer medalje verower (onder 7½ uur).

Hoekom doen ek dit? Dit is eintlik net 'n persoonlike uitdaging. 'n Mens leer baie van jouself deur so iets te doen. Die menslike liggaam is tot baie in staat, en die meeste mense weet dit nie. Die Comrades is maar een van die vele maniere om uit te vind waartoe jy in staat is.

*— Mnr. L. Swart onderhoud met Rudi Stumpf.*

*Redaksioneel: Affies is trots op hierdie fiks Engels onderwyser wat só 'n goeie voorbeeld stel en hoop dat hy aanstaande jaar 'n groot span Affies saam sal "sleep" sodat hul ook hul slag kan gaan wys. Sy meerdere kennis in verband met die Comrades kan tot groot waarde wees. Stroom-Op hoop hy verower aanstaande jaar dié silwer medalje.*



**Mnr Lennerd Swart**

## *Die Franse leerlinge hou piekniek*

**Die skoolklok het gelui om pouse aan te kondig. Franse leerlinge het hulle na die Franse klas gehaas. Die geur van vars brood en romerige kaas het die vertrek gevul. Tipiese Franse musiek het saggies in die agtergrond gespeel. Die Affies het dadelik weggeval en het heerlik gesmul aan die Franse "baguettes". Dit was voorwaar 'n genotvolle pousepiekniek as lede van die "Club Francaise". Almal sien uit na die byeenkomste wat gaan volg.**

**Helen van den Broeck**

# REKENAARKLUB

**Die Rekenaarklub is weer eens vanjaar een van die mees ondersteunende en gewildste klubs by Affies. Die ledetal staan tans op 60, waarvan die juniors die grootste getalle uitmaak.**

Vanjaar maak die klublede nie soos in die verlede van die universiteit se sentrum gebruik nie. Die klublede benut die rekenaars in die Mediasentrum en die bestuurslede se kennis en vernuf is voldoende sodat hulle self die lesings aanbied.

Twee kursusse word vanjaar aangebied. Die beginnersgroep word deur Casper Badenhorst behartig en ywerheid, entoesiasme en getrouheid word deurgaans by die standerd sesse, wat byna die taal 'Basic' magtig is, bespeur.

Die gevorderde groep onder leiding van Christiaan Diedericks is besig om die taal 'Pascal' te bemeester.

Twee speletjiesaande het suksesvol afgeloop. Die Rekenaarklub se ideaal is om in hierdie jaar 'n nuwe rekenaar aan te koop.

Die Rekenaarklub bly 'n toonbeeld van arbeidsaamheid en verwelkom nog steeds nuwe lede.


**Casper Badenhorst (Voorsitter)**

# Bou aan 'n beter gesin

*Dinsdag, 19 Mei, het die Affies die voorreg gehad om na prof. Malan Nel te luister. Om aan te sluit by Gesinsjaar, het prof. Nel Efesiërs 5 en 6 as teksgedeelte aangehaal. Hy het ondermeer gesê, dat duskant die hemel 'n gelukkige gesin die saligste is en 'n gebroke gesin, die ongelukkigste, naas die hel. Elkeen van ons speel 'n onmisbare rol in die skep en groei van 'n suksesvolle gesin. Elke dag moet ons gelei word deur die vraag: Wat sê die Here?* en dan eers word ons 'n gelukkige gesin. Hy het afgesluit met die gedagte dat jy die lewe ontvang deur gehoorsaam te wees. Die Affies het weer eens tot die besef gekom dat daar 'n baie groot verantwoordelikheid op elkeen van hulle rus.

Kom Affies, kom ons en ons ouers staan saam om dit 'n ryk gesinsjaar te maak!

**Lia Chrissopoulos**



*Prof M Nel in gesprek oor die gesinslewe.*

## Die laaste jaar . . . néé, halfjaar!

**Jaarliks sê Affies vaarwel aan nog 'n matriekgroep. Vanjaar sal hulle weer na die eindeksamen uitmekaar spat.**

"Eenmaal 'n Affie, altyd 'n Affie" — bekend by almal, dog gaan elke '87-matrikulant iets van Affies mis en al nooit wéér daarin kan deel nie. Die Affie-uniekheid kan moeilik gedefinieer word, maar dalk lê dit in die alledaagse gebeure by die skool. Nooit weer gaan die Affiehandeklap gegee word of die kreet geuiter word in só 'n groepsgees nie. Waar sal jy ooit weer in die "gehate" geliefde skooldrag kan staan om die skoollied te sing? Die immer verkeerde horlosie in die belangrikste bymekaarkomplek sal beslis ook gemis word. Soos wat die tyd uitloop, so loop die kanse op "stakings" of weglopery uit — en sal staak of wegloop ooit weer so lekker en "seer" wees?

Waar sal weer so 'n gees van samehorigheid wees, waar elke gesig bekend is — al ken jy nie die naam nie. Wanneer die matrieks oor 'n tydjie minder as ses maande uitmekaar spat, is die kanse goed dat 'n hele paar van die gesigte nooit weer gesien sal word nie.

Nou mag dit belaglik klink, maar geniet die Affielewe terwyl jy nog kan. . .

**Willem van Staden**

# Die Voortrekkers in Affieland presteer

**Op 27 April het 'n klomp Voortrekkers 'n groot en baie belangrike toets geskryf. Die toets het gehandel oor al die Voortrekkerwerk wat gedoen is vanaf graad een. Dit het kaartwerk, touwerk, geskiedenis van die Voortrekkerbeweging en Afrikaner, algemene kennis, kennis oor die parades ens. behels.**

As 'n persoon bo 50% vir hierdie toets gekry het, word hy 'n hoofleierswag en as 'n persoon 65% en hoër behaal en jy onvoorwaardelik deur jou kommando aanbeveel word, word jy uitgenooi na die Presidentsverkennerkamp in Julie, waar jy dan gekeur word. As jy 'n Presidentsverkenner word, is dit die hoogste toekenning wat jy in die Voortrekkers kan verwerf en dan kom jy ook in aanmerking vir die Presidentsverkennerbeurs. Die volgende Affies het die toets geslaag naamlik Delana Botha, Karin Burger, Sonja de la Rey, Noeline du Preez, Reinette Hugo, Carla Reinhardt, Inge Meinke, Hedwig Schumann, Daleen Wilcocks en Lalene Venter. Marie Heyns is ook uitgenooi na die Presidentsverkennerskamp en Stroom-op wens haar alle sterkte toe. Vir al die ander Affies sê ons baie geluk — ons is trots op julle.

**Brenda Maree**

# Winning is not everything it's the only thing . . .!

**Die heel eerste wedstryd dié netbalseisoen was teen niemand anders nie as teen . . . Die Affies nie. Hulle moes as 'n netbalfamilie gees vang. Dit was gelukkig nie 'n moeilike en uitputtende taak nie, want geesbou is sakke vol PRET.**

Die heel eerste afgooi was 'n kleurvolle "Hawaiise-hamburgerbraai" wat 'n reusesukses was. In die eerste week van die Aprilvakansie was 10 Ope-spanspeelsters op pad na Potchefstroom vir 'n afrigtingskursus. Ja, Affie, terwyl jy op Margate se strande gelê en sonbraai het, het dié tien speelsters nuwe netbaltegnieke bemeester. Die eerste wedstryd was verseker in Affies se guns.

Gedurende oefeninge het hulle met ywer geswoeg en gesweet. Net so nou en dan is daar in opstand gekom, maar is vinnig weer aarde toe gebring met die volgende: "When the going gets tough, the tough gets going". Tydens die Noord-Transvaalse proewe het vier speelsters deurgedring tot die eerste rondte. Hulle was: Christine van Wyk St 8, Lizelle van Huyssteen St 9, Anita Lombard St 9 en Talana Viljoen St 9. Al het hulle nie die paal gehaal nie, is Affies trots op hulle poging want die standaard van die proewe was geweldig hoog gewees.


Affies se heel eerste wedstryd was teen F H Odendaal. Die eerste en tweede spanne het vroegoggend 'n ontbyt saam genuttig in mej. Vink se klaskamer. Met die nodige versterking is een van die sterkste opponente aangedurf. Die neerlaag was groot, maar nou-ja, die neerlaag is in goeie sportmangees verwerk, soos van ware Affies verwag kan word.

Die enigste sporthelde was die O/15 A's. Hulle is onoorwonne. Hulle afrigster, mev. Hanneli Kotzé wou geen kommentaar lewer oor hulle prestasie nie. Die O/13 A-span het ook as die enigste oorwinnaars uit die stryd getree. Dit is ons heel jongste netbalspan en volgens hulle afrigster, mev. Niebuhr, het die span baie potensiaal. Met haar kundige afrigting sal hulle oor vier jaar administrateurswenners wees!

Na die neerlaag van die Opespanne het hulle vir motivering *The Best Shot* saam met juffrou Vink gaan sien. Dit was die nodige motivering vir die Ope-spanne om Waterkloof te trotseer. Die uitslag daar was redelik.

Ons netbalfamilie wil net vir alle belangstellendes inlig: Affies streef nog na dieselfde ideale om as wenners uit die stryd te tree en ons is vasbeslote om ons doelwit te bereik.

Ons wil die Ope-span se leuse onderstreep: *Winning is not everything, it's the only thing.*



*So speel 'n mens Netbal.*

# Magnoliadal

**Affies se tradisie en gees kan dikwels met een woord omskryf word — Magnoliadal.**

Magnoliadal het sinoniem geword met die klimaks van Affies se gees met "Boys High", Interhoër of die Admin-finaal.

Hoekom Magnolia? Hoekom nie net 'n paar liedjies en 'n bietjie handeklap nie? Magnolia is iets besonders aan Affies — wat jy in geen ander skool kry nie. Dit is 'n opstand teen gesag nie negatief om gesag af te breek nie, maar om die Affies saam te snoer tot 'n eenheid. Daarom speel die onderwysers so 'n belangrike rol in Magnolia — hulle moet woedend voorkom en optree teen die uitdaging van gesag wat dan ook die eenheid tussen die seuns versterk.

Mnr Edwards speel ook spesifiek 'n belangrike rol in Magnoliadal, want dis hy wat deur te vertel wat die Affies alles al aangevang het en dat Magnolia tradisie is die Affies op 'n subtiele manier motiveer om tot aksie oor te gaan. Ongelukkig voer mnr Edwards die tradisie so ver dat die strawwe wat die Affies toe ondergaan het, hul nou ook moet ondergaan — dat almal saam gestraf word, verseker egter weer Affies se eenheid en opbou van gees.

Magnolia is deel van Affies en dit sal 'n jammerlike gebeurtenis wees as dit uit Affies verdwyn.

**Ben du Toit**

# Tafeltennis


Affies se tafeltennis het hierdie jaar effens gesukkel om aan die gang te kom.

Die eerste span het teen John Vorster naelskraap verloor met 'n telling van 13-10. Die ander span is sover nog onoorwonne. Bennie du Toit het die nommer 1 van John Vorster na 'n naelbyt spel gewen.

Tafeltennis is 'n minder bekende sportsoort in Affies. Dit geniet egter baie belangstelling en verbeter 'n persoon se kompeterende gees en reflekse.

In Suid-Afrika het tafeltennis nog nie tot sy reg gekom nie. In lande soos Brittanje hou hulle selfs tafelteniskampe!

Die hoop is dat Affies se tafeltennis hierdie jaar weer sy mikpunt sal bereik.



**'n Springbok vir Affies!**

Riani Hattingh St 8 het Springbokkleure in Tuimel verwerf. Sy is gekies vir die span wat teen 'n Amerikaanse- en Portugese span gaan deelneem. Riani is die tweede Springbok wat Affies opgelewer het, en ons is baie trots op haar. Dit is voorwaar 'n prestasie. Stroom-op wens haar alles van die beste toe vir die volgende byeenkomste.

# Skietspan

Affies se skietspanne het hierdie termyn op 'n goeie noot begin. Vier van die kompetisies is reeds afgehandel.

Philip Ferreira (st 10) blink uit met 'n uitstekende telling van 197 uit 'n moontlike 200 tydens die eerste kompetisie op Dinsdag, 12 Mei, teen Hillview. Die Affie-skietspan behaal 'n goeie oorwinning oor Hillview.

Die volgende dag was dit die bure in die bosse wat die Affiespan die onderspit laat delf het.

B Pretorius (st 9) het met 197 uit 200 die gedugte Affies gehelp om die Hoërskool Langenhoven te wen en so ook met 196 uit 200 sy deel tot die oorwinning oor Clapham bygedra.

Die juniors het nog net een van hul kompetisies gewen maar hulle is besig om hul pad oop te skiet.

**Alwyn Kaltwasser.**

# FEMINA — 40 KM PRETDRAF

Dit was 'n pretdraf voorwaar! Mevrou Raath en twintig Affies het op 25 April aan die Femina 40 km-pretdraf te Johannesburg deelgeneem. By die beginpunt het die afsitter "Vier . . . drie . . . twee . . . een" getel en die skoot het geklap. 2000 dames het weggespring. Sommige Affies het die eerste vyf kilometer ywerig oorbrug, maar het in die tweede vyf kilometer besef dat 'n ent se loop hul lam bene goed sal doen. Al een-en-twintig Affies het soos een vrou oor die eindstreep óf geloop óf gedraf. Elke deelnemer het nog boonop 'n Snacker, 'n kenteken en 'n T-hemp ontvang. Nadat al 2000 deelnemers die eindpunt bereik het, het dié met geluk aan hulle kant, trekpryse wen. Een Affie, Karin Schoeman, het 'n Kenwood Cuisine voedselverwerker ter waarde van meer as R200 gewen. Stokflou maar tevrede, het die Affies teruggekeer na Pretoria. Dae daarna was dié meisies se bene nog seer en styf. Dit was egter die moeite werd en groot pret. Volgende jaar maak die Affies weer so.

# Eerste rugbyspan toer na Witrivier

**Vanjaar se eerstespantoer van 10-16 April neem die span na Witrivier waar die eerste span aan die Rob Ferreira-week deelgeneem het. Die span bestaande uit 22 lede, mnr P Edwards en oom Karl-Heinz Venter het vroeg die Vrydagoggend van 10 April die lang pad in "Die Ark" aangepak.**

**Vanweë 'n gebrek aan spoed (met die Ark) het ons eers laat die middag die bestemming bereik.**

Nadat die Affies in hul kamers ingetrek het en aandete geniet het, het die hoof van Rob Ferreira almal verwelkom en verduidelik wat die week behels. ALmal was onder die indruk dat daar slegs 'n paar oefenwedstryde gespeel sou word en dat daar baie tyd sou wees om te oefen. Die hoof van Rob het dit dan ook duidelik gestel dat daar meegeding word om die Rob-trofeë en ewe uitdagend verkondig dat Rob die beker gaan wen. Dit was dus duidelik dat daar 'n harde week vir die Wit Bulle voorgelê het.

Die eerste wedstryd was Saterdagaand teen HTS Vereeniging. Onder Rob se "verdagte' spreiligte óf kersligte soos dit genoem is, wen Affies die saai maar harde wedstryd — 7-0.

Die besoek Sondag aan die Kruger Wildtuin was een van die hoogtepunte. As daar nie wild was nie, het Affies se eie bobbejane, Boedha en Rooies, by meer as een geleentheid uit die bus ontsnap en die rit op die dak voortgesit. Mnr Edwards het al sy dae gehad om die manne in die ark te hou.

Maandag is die stryd teen Potch Gimmies hervat. Na 60 harde minute lees die telbord 15-9 vir die Wit Bulle. Met hierdie oorwinning het hulle die weg gebaan vir verdere sukses. Die volgende wedstryd teen Varing wen hulle en was verseker van 'n plek in die finaal.

Affies maak dan ook so met 'n oorwinning van 26-7. Donderdagmiddag voor ons vertrek speel ons die finaal teen Afrikaans Hoër Germiston. Dit was nou wel nie die hardste wedstryd nie, maar wel die lekkerste. Toe die eindfluitjie blaas, het Affies die finaal 24-6 gewen.

Individueel het spelers ook uitgeblink. C Papenfus, A Myburgh en A Gouws het trofee ontvang vir die beste spelers in hul onderskeie posisies. Die eerstespan wil hul opregte dank uitspreek teenoor mnr Edwards en oom Karl-Heinz wat die toer moontlik gemaak het.

**Heinz Pflügler**



*Die eerste span in aksie.*



# HOKKIELEWE

**Nadat die hokkieproewe aan die einde van verlede trimester afgehandel is, is daar met volle oorgawe begin oefen. 'n Kursus te Potchefstroom het bygedra tot verdere voorbereiding vir die hokkieseisoen.**

Die Affies het die nuwe trimester een Saterdagmôre met 'n oefensessie begin en met 'n braai afgesluit.

In die begin was die ywer maar skraps, want almal moes eers fiks word. Baie aandag is ook gegee aan stokwerk.

In die eerste wedstryd teen die Hoërskool Gerrit Maritz het almal hulle harte uitgespeel. Die Affies was egter nie wedstrydgereed nie en het ongelukkig die wedstryd verloor.

Die tweede kragmeting was teen die Hoërskool F H Odendaal. Hulle het toe reeds drie wedstryde gespeel en almal gewen. Dié sielkundige agterstand het die Affies weer eens laat verloor.

Hulle het egter nie gaan lê nie. Met ekstra oefeninge en ekstra motivering was almal gereed vir die wedstryd teen die Hoërskool Waterkloof. In 'n baie spannende en goeie wedstryd het die spanne gelykop gespeel.

Met nog drie wedstryde wat voorlê, kan die Affies die kaarte nog lelik deurmekaar krap in die liga. Die aansporing is daar!

Slegs deursettingsvermoë is nou nodig om bo uit te kom!

# Sportvrou van die termyn

## LUCILLE WEYER, AFFIES SE TENNISSTER

**Om 'n tennisuitblinker te wees, verg baie harde werk, ure se toewyding en groot opofferings! Op die pad van sukses is daar ook dikwels teleurstellings en baie terugslae. Van al hierdie dinge kan Lucille getuig. Sy het reeds as jong dogter in Rustenburg haar tennismerk gemaak, maar Lucille het haar oog op die rooi magrietjie van Noord-Transvaal gehad. Aan die begin van 1985 het sy 'n Affie geword en 'n leerling van die bekende Springboktennispeelster en afrigter, mev Annette du Plooy. As lid van die uitsoekgroep Noord-Transvaalse Juniors, het Lucille gou gewys wat in haar steek.**



1986 was egter 'n ongelukkige jaar vir haar. Rug- en voetbeserings het haar dwarsdeur die jaar gekniehalter, maar in 1987 het sy haar groot kans gekry: sy is gekies as lid van die Noord-Transvaalse Junior Tennisspan wat in Stellenbosch aan die interprovinsiale toernooi deelgeneem het, 'n voorreg wat nie vir baie beskore is nie, aangesien slegs drie meisies en drie seuns uit elke provinsie vir die interprovinsiale spanne gekies word!

Lucille is nie slegs die tenniskaptein van AHM en die staatsmaker van die eerste span nie, maar sy het reeds twee jaar haar skool in die Noord-Transvaalse skole-tennisspan vir Dogters verteenwoordig, en is ook in senior Tennis een van haar klub, Union, se staatmakers.

En as Lucille nie op die tennisbaan is nie en sy het 'n vrye tydjie, kry jy haar langs die rugbyveld. Sý is 'n groot rugby-entoesias en 'n vurige ondersteuner van die Blou Bulle!


# Die Netbal-Affies vang gees op Potchefstroom

**As daar 'n gees is in Afrikaanse Hoër Meisieskool wat puik is, is dit die netbalgees. Dié is sommer vroeg in die jaar al gebore toe 'n tiental meisies gedurende die Aprilvakansie 'n netbalkursus op Potchefstroom bygewoon het. Dit was groot pret en plesier en 'n ware aanwins vir die nuwe netbalgier!**

Dit was 'n rustige Sondagmiddag toe die Affies en mejuffrou Owen die pad Potchefstroom toe met die geel *Afrikaanse Hoër Meisieskool*-kombi aangedurf het. Daar aangekom, het almal afgepak en toe die plek verken. Dit was waarlik interessant en het begin by 'n tonnel en geëindig in Milky Lane. Hier het die meisies soos ware Affies, nog 'n eetplek van bankrotskap gered en is 'n hele rukkie later daar weg — moeg, maar tevrede. Geeneen van hulle kon egter op daardie konsentrasiekampbeddens slaap nie en het toe besluit om eerder Middernagfees te hou! Ook maar goed, want die volgende oggend is die Affies deur 'n stryende mejuffroue Niebuhr en Owen begroet oor wie die meeste muskietbyte onder een voet het! Mejuffrou Vink is nie lank gespaar nie en was sommer oomblikke daarna die trotse eienaar van 'n parkeerkaartjie. Die dae was belaai met fiksheidsoefeninge, tegnieke aanleer en moeg-word, maar tog leersaam en plesierig. Gedurende die aande het die Affies 'n kykie in die studentelewe gekry en is hulle ook vergas deur die Alabama Studentegeselskap. Dinsdag was wedstryddag en as beloning vir puik spel is almal die aand, na die braai, met 'n enorme roomys "getrakteer". Niks is so moeilik as om 'n spul moeë, seer en ongelukkige meisies om 06h30 uit 'n warm bed te kry nie! Dit het mejuffrou Niebuhr vinnig besef, toe sy die Woensdagoggend 'n hopelose poging aangewend het. Na 'n lang gesukkel was almal egter gou weer fris en vars en reg vir die dag.

Woensdag was ook huis toe-gaandag en die Affies is weg uit Potchefstroom as die span met die beste gees en so is dit nou nog kenmerkend van al die Netbal-Affies. Die seisoen is 'n fees.

**Sally Myburgh**



*Netbal mik hoog.*



*Die eerste-span in aksie teen Voortrekkerhoogte.*

# VERGELDING
## Affie-Waterkloof rugbydag

**Saterdag, 23 Mei, was 'n dag waarna menige Affie lank reeds uitgesien het, 'n dag waarop wraak geneem moes word om die Interhoërvernedering uit te wis.**

Die Woensdag na langpouse kon daar al gesien word dat die Affies se gees nog reg is, vir daardie dag van vergelding. Daar is vir 'n halfuur lank saam gesing, hande geklap en gees gevang. Affies was steeds rég!

Saterdag, 23 Mei breek aan. Die Affies ruk op na Waterkloof met gees en al. Van vroegdag af kan gesien word dat Affies dáár was om te wen — én hulle het ook. Slegs twee van die sewentien spanne het verloor — die ander het met oortuigende oorwinnings geseëvier. Die O/13 A-span stap met 'n fenominale 98-0 oorwinning van die veld af.



Wat egter opgeval het, was die besondere GEES wat op die pawiljoen geheers het vanaf die oomblik wat die Wit Bulle op die veld gedraf het. Die Affies, aan die linkerkant van die pawiljoen, 'n handjievol teen die oormag Klofies, het egter hul stemme laat hoor en die Klofies doodgesing. Dan was daar ook die eerste span se prag spel wat almal verras het. Onder die bewkame invloed van mnr Edwards en sy afrigting het hul die wedstryd met briljante bewegings gedomineer. Vier keer het die Wit Bulle egter op hul doellyn gaan draai, elke drie of sy eie 'n meesterstuk en die uiteinde, 'n oorwinning van 20-9.

**Albert Pretorius 10F**

# Tennis op die wenpad

**Getrou aan die tradisie van baie jare, gaan dit weer baie goed op die tennisfront! Die eerste groot geleentheid was die Affie-kampioenskappe wat groot belangstelling gaande gemaak het. Die Bo 15-afdeling is gewen deur Lucille Weyer en Helanie van Deventer was die Onder 15-kampioen.**


Die dogters- en seunsligas is hierdie termyn aan die orde van dag. Ons is baie trots op ons eerste onder 15-span wat reeds as wenner van die A-liga uit die stryd getree het! Helanie van Denveter, Helen van den Broek, Marguerite Winter en Mindie Rischmüller het pragtig gespeel en die sterk spanne van Menlopark, Wilgers en Waterkloof oortuigend geklop en so 'n navolgingswaardige voorbeeld vir die ander spanne gestel.

Die eerste Bo 15-span het ook tot dusver geen teenstand ondervnd nie, en Lucille Weyer, Minnette Combrink, Raleen Theron en Marí van Wyk het almal na hulle asems laat snak met tellings soos 76-4, 74-6 en 71-9 teen Voortrekkerhoogte, Wilgers en Silverton onderskeidelik. Die wedstryde teen die gedugte spanne van Menlopark en Waterkloof beloof egter om baie spannend te wees en daar word hard geoefen. Die tweede Bo 15-span is ook 'n span om mee rekening te hou, aangesien ook hulle nog geen wedstryd verloor het nie.

Daar heers groot entoesiasme onder die tennisspelers. Met dié pragtige samewerking en die ywer wat hulle aan die dag lê, kan dit nie anders as om 'n suksesvolle jaar te beloof nie!

# SPORTMAN VAN DIE TERMYN:

## Michael de Jongh



**Michael se skoolloopbaan het begin by die Laerskool Sunridgépark in Port Elizabeth.**

Op laerskool was onse Michael nie een om sy talente weg te steek nie. Hy het vir die eerste span rugby en krieket gespeel. Hy het ook aan atletiek, swem en tweekamp deelgeneem waarin hy OP-kleure verwerf het.

By die SA-swemkompetisie het hy tweede en derde plekke behaal.

By die SA-tweekamp kompetisie het hy vyf eerste plekke behaal en twee rekords gebreek.

Michael het in st 9 na Affies gekom en hier het hy sy sportaktiwiteite voortgesit. Hy het selfs met twee nuwe sportsoort naamlik tennis en landloop begin.

Michael het vanjaar in die SA-Tweekampkompetisie 'n derde plek behaal.

Mens dink dalk dat hy met vir sport leef, miskien moet genoem word dat sy akademiese gemiddeld aan die beter kant van tagtig persent lê en dat hy die ondervoorsitter van die ACSV is.

Michael glo dat sy ouers sy grootste ondersteuners is en sê dat hy sonder hulle troue ondersteuning nie die moed sou gehad het om aan soveel dinge deel te neem nie.

Michael sê hy doen sport vir die ontspanning en plesier wat hy daaruit put. Hy gaan volgende jaar BCom (REK) 'n (uiters populêre kursus onder maktriekleerlinge) by Tukkies studeer. Hy hoop ook om Springbokkleure in Tweekamp te behaal.

Michael, Affies hou duimvas en wens jou alle voorspoed toe. Jy is 'n wenner!

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 3232787, and printed by the **Pretoria News** (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria, Tel 3255382.